# VERSLAG

RE:

DIE SUID AFRIKAANSE ONDERWYSUNIE

EN

THE SOUTH AFRICAN EDUCATION FOUNDATION

**VERSLAG**

## 1. OPDRAG

Ek het opdrag ontvang van die dagbestuur van die die Suid Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) en die Bestuurskomitee van die South African Education Foundation (SAEF) om 'n ondersoek in te stel na die beskuldigende bewerings deur, onder andere, Mnr. Michael Pashut aangaande die bestuur van SAOU en SAEF ("die SAOU GROEP"). Die beskuldigings is tot die effek dat die twee instansies finansieel wanbestuur word. My bevindinge en aanbevelings aangaande die volgende word verlang:

1. Of die struktuur van die bestuur van die entiteite binne die "SAOU GROEP" , gesien teen die historiese agtergrond van die skepping daarvan, nadelig of potensieel nadelig, vir die lede van die SAOU is of kan wees.
2. Of daar enige prosedurele onreëlmarighede was oor die jare in die vasstel van die vergoedingspakket van mnr. Chris Klopper by die SAOU en by SAEF.
3. Of daar onreëlmatighede met die verkiesing van die verkose leiers, wat tans die dagbestuur van die SAOU vorm, was.
4. Of daar in die algemeen finansiële wanbestuur is in die sin dat die waarde van die dienste wat die SAOU aan lede bied nie meer as R15m behoort te bedra nie.
5. Die opdrag is tydens die ondersoek uitgebrei om ook vas te stel of daar enige onreëlmatigheid was met betrekking tot die vergoeding van Dr. Swanepoel.

## 2. DIE POSISIE VAN MNR. PASHUT

Die bewerings deur mnr. Pashut is tot die effek dat die bestuur van SAOU op 'n onreèlmatige wyse geskied en dat die SAOU bestuurslede hulleself verryk ten koste van die lede van die vakunie, dws die onderwysers wat almal lede van die vakunie is. Dit is veral oor die vergoeding wat mnr Klopper jaarliks ontvang, wat hy bevraagteken.. Hy

het nie enige persoonlike belang by die bestuur van die SAOU nie maar hy het sy bedenkinge aan ‘n hele aantal leerkragte gelug en daar is ‘n hele aantal skoolhoofde wat bekommerd is oor die finansiële bestuur van die SAOU. Daar het as gevolg van sy toedoen ‘n aantal persberigte verskyn wat sekerlik ook suspisie by lede laat ontstaan het.

Mnr. Pashut het gesuggereer dat daar ‘n forensiese oudit gedoen behoort te word. As gevolg daarvan en vanweë die reaksie van ‘n aantal lede van SAOU het die bestuur van SAOU besluit op hierdie ondersoek.

Mnr. Pashut is nie ‘n lid van SAOU nie en het geen persoonlike belang by die geldsake van die SAOU groep nie. Dit is egter so dat skole ‘n goeie afsetgebied is vir skoolbussies en dat die verkoop van skoolbussies ‘n goeie bron van inkomste vir mnr. Pashut is. Die jaarlikse skoolhoofde simposium is ‘n uitstekende geleentheid vir mnr Pashut om aanknopingsonderhandelinge te hê vir die verkoop van bussies. Die feit dat hy nie genooi is om ‘n stalletjie te bedryf by die simposium nie is beslis tot sy nadeel.

Hoe mnr. Pashut in besit gekom het van die finansiële state en personeel se vergoedingspakkette van die verskillende entiteite in die SAOU GROEP is nie duidelik nie. Daar is ook ‘n aantal baie ernstige bewerings wat gemaak word oor die wyse waarop mnr. Pashut na bewering te werk gegaan het om die SAOU GROEP se bestuur in ‘n slegte lig te stel en oor sy besigheidsetiek. Dit is te betwyfel dat sy besorgdheid oor die SAOU GROEP se geldsake altruisties en ten behoewe van die onderwysstelsel en die leerkragte is.

Wat my aanbetref is die oplossing van hierdie geskil ‘n bysaak wat ek nie behoort te besleg nie. Die feit van die saak is dat, hoe dit ookal aan die lig gekom het, daar nou SAOU lede is wat onrustig is oor die Groep se geldsake en dat ek gevra is om dit te ondersoek, en dit dus moet ondersoek.

## 3. WERKSWYSE

Vir die doeleindes van die ondersoek is vrye teuels aan my verleen ivm met toegang tot die dokumente en rekords van die SAOU en die SAEF en is ek uitgenooi om getuienis van betrokkenes aan te hoor. Daar is ook 'n e-pos adres geskep deur die prokureur waar klagtes ingedien kon word tot en met 25 Mei 2018. Die adres is ondersoek.saou@yahoo.com . Daar is ook aangebied dat ek gebruik kan maak van 'n advokaat of ouditeur om my behulpsaam te wees met die die inwin van getuienis of ondersoek tov die die finansiele state van die betrokke entiteite.

Op my versoek het Mnr. Erasmus mnr. Schalk Strydom, 'n forensiese ouditeur, aangestel om my behulpsaam te wees met die ondersoek. Ek het hom versoek om 'n ondersoek te doen na die werksaamhede en finansiele bestuur van die verskillende entiteite . As gevolg van die omvang van die werk het ek, op versoek van mnr. Strydom, gevra dat 'n senior rekenmeester , mnr. P van Heerden aangestel word om mnr. Strydom behulpsaam te wees. My opdrag aan mnr. Strydom was om die laaste twee jaar se geouditeerde state van SAOU, SAEF, FINSA en TOOM onder die vergrootglas te neem en te kyk of daar enige wanpraktyke plaasgevind het. In besonder moes hy nagaan of die struktuur van die bestuur van die onderskeie entiteite binne die SAOU GROEP, gesien teen die historiese agtergrond van die skepping daarvan nadelig of potensiëel nadelig, vir die lede van die SAOU is of kan wees. Mnre. Strydom en van Heerden het baie ure spandeer om die boeke en werkswyse van die SAOU na te vors. Hierby aangeheg as Aanhangsel A is 'n verslag wat mnr. Strydom opgestel het en wat hier ingelees moet word as deel van hierdie verslag.

## 4. KLAGTES

Alle klagtes is na my deurgestuur. Die grootste gedeelte van die klagtes was meer soos 'n versoek om inligting aangaande die bates en bestuur van, in besonder, SAEF en SAOU en die wisselwerking tussen die twee entiteite. Dit is duidelik dat lede suspisieus is en vrees dat die bestuur van die bates en inkomste van die twee entiteite geheimsinnig en tot

nadeel van lede bedryf word. Die aard van die inligting wat versoek is, toon groot ooreenstemming met die bedenkinge wat ge-opper is in ‘n e-pos vanaf mnr. Pashut aan sommige lede van die SAOU. ‘n Verduideliking van die werksaamhede van die SAOU en SAEF behoort die meeste van die vrae te beantwoord maar ek sal ook pertinent handel met vrae wat duidelik toeligting vereis, soos die vergoeding van die personeel en in besonder die van mnr. Klopper en Dr. Swanepoel.

## 5. DIE TOT STANDKOMING VAN SAEF

Net voor 1990 en daarna was dit duidelik dat daar ‘n grondwetlike verandering in Suid Afrika sou plaasvind. Groot veranderinge in die Staatsdiens en op Onderwysgebied was in die vooruitsig. Daar was ‘n sterk moonlikheid dat die destydse Transvaalse Onderwysersvereniging (“die TO”) die vakbondwese sou moes betree. Daar het ‘n vrees ontstaan dat alle TO lede noodwendig lede van ‘n oorkoepelende vakbond sou moes word en dat die bates van die TO , soos wat toe reeds in Namibie gebeur het, vir die oorspronklike TO lede verlore sou gaan.

Daar is toe besluit dat die bates na ‘n afsonderlike regsentiteit, of verskanste batehouer, oorgedra moes word om dit te beveilig. Die totale bates van die TO was toe van die orde van R26.5m bestaande uit die TO gebou met ‘n waarde van R5m, die SA Ontwikkilingsmakelaars met ‘n waarde van R6m, die TO Strand met ‘n waarde van R13m en netto likiede bates ter waarde van R2.5m. Die Uitvoerende Direkteur van die TO, Prof. Steyn, was aangewys as die stigter van die stigting en die lede van die Dagbestuur, soos op 23 Mei 1992, is aangewys as die eerste Bestuur daarvan. Die stigting het bekend gestaan as die SA Ontwikkelingstigting (“SAOS”). Die doelstellings van SAOS was :

“*Die hoofdoel van die Stigting is die bevordering van die welsyn van opvoeders en kinders deur die bevordering van Christelike opvoeding, die Afrikaanse taal kultuur en tradisies langs weë en middele wat die Stigting as gepas beskou;’*

*Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die hoofdoel, sal die hoofdoel onder andere ook die volgende insluit:*

*Die bevordering en beskerming van die individuele sowel as kollektiewe belange, van daardie persone, hulle gesinslede en naasbestaandes wat op 23 Mei 1992 lede was van die TO of op gemelde datum in diens gestaan het van hetsy die TO of van 'n maatskappy waarvan die TO die alleenaandeelhouer was."*

Met die inwerkingtreding van die tussentydse Grondwet gedurende 1994 en die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys het die TO die vakbondwese in 1994 betree. Die oorspronklike Transvaal is toe verdeel in vier provinsies. Dit was toe nodig om voorsiening te maak vir verteenwoordiging van al vier provinsies op die Dagbestuur van die eertydse TO, wat toe die bestuur van die SAOS was. Die oorspronklike SAOS wat in 1992 gestig is, is in 1994 met SAOS(2) vervang. Dit het dieselfde doelstellings as as die vorige SAOS gehad en die bates is na SAOS(2) oorgedra.

Omdat COSATU en SADTU die beginsel van "One Sector one Union" sterk gepropageer het, en so ook geagiteer het vir'n baie hoë aantal lede per vakbond, as toelatingsvereiste, voordat so 'n vakbond tot die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys toegelaat kon word, is die SAEF in 2006 in die lewe geroep. Die bates in SAOS is oorgedra na die SAEF. Anders as in die geval van SAOS waar die lede van die stigting lede was omdat hulle bestuurslede van SAOU was, was die lede van SAEF individue wat ook deur individue, deur hulle voorgestel, opgevolg sou word. Daar sou dus geen direkte verband wees tussen die stigting en die vakbond nie.

Die doelstellings van SAEF volgens die grondwet is:

*"The main object of the Foundation is to research, promote and support the development and effective maintenance of a South African education system based on professional excellence and fundamental human rights.*

*To this end, and without derogating from the generality of the main objective, the Foundation shall promote the research and development*

*of an effective partnership between educators, learners and parents by any means which the Foundation deems appropriate"*

Dit is duidelik dat wat be-oog is met die stigting van SAEF was die professioneel uitmuntende en regverdige ondersteuning, ontwikkeling en behoud van die Suid Afrikaanse onderwyssisteem. Om dit te vermag is 'n vennootskap tussen leerkragte, leerlinge en ouers in die vooruitsig gestel.

Dit was nie net die bates van die destydse TO wat verskans is en oorgedra is na SAEF nie. Voor 2006 het die huidige SAOU wat in al nege provinsies opereer as 'n eenheid nog nie bestaan nie. Gedurende 2006 het al die provinsies saamgesmelt, onder die naam SAOU. Voordat dit gebeur het was die onderwysunie van die Wes-Kaap bekend as SAOU Kaapland). Die bates van die SAOU (Kaapland) is oorgedra na SAOU Kaaplandse Onderwys Trust(KOT), voordat die huidige SAOU tot stand gekom het. Daardie Trust en die bates daarvan is nie deel van die huidige SAOU nie. Dit beskik oor 'n strandoord by Glentana, en die erwe waarna later verwys word. Die eertydse SAOU(Kaapland) is nou die provinsies Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap van die huidige SAOU. Net so is die bates van die destydse onderwysunie van KZN oorgedra na 'n entiteit die NOU Trust wat nie deel vorm van die bates van SAEF nie. Die Vrystaatse onderwysunie van destyds OVSOV het hulle gebou oorgedra na SAEF.

Ter bevestiging daarvan dat die doel van die skepping van die SAEF was dat die bates beskikbaar moet wees is daar op 10 Oktober 2006 'n "Diensvlakooreenkoms" deur SAEF en SAOU gesluit. Relevante bepalings in die ooreenkoms is:

"*Namate die volgende verwesenlik is*

- *Die strewe van die SAEF en die SAOU (Noord) om groter en formele eenheid onder die geledere van die Afrikaanse professie te bewerkstellig onder die vaandel van die SAOU;*
- *Die oorname van alle regte en verpligtinge van die Suid Afrikaanse Ontwikkielingstigting (SAOS) deur SAEF as amptelik aangewese regsopvolger;*

- *Die wens van beide die SAOU en SAEF om die diesvlakooreenkoms wat aangegaan was deur en tussen SAOU(Noord) en SAOS, op dieselfde voorwaardes voort te sit.*

*Pligte van SAEF*

*SAEF onderneem die volgende;*

*2.1 Die voorsiening van dienste en personeel soos van tyd tot tyd ooreengekom, of wat by wyse van konvensie reeds gevestig is, wat die volgende insluit, maar nie noodwendig daartoe beperk is nie:*

** Senior bestuursdienste en bestuurpersoneel,*

** Finansiële- en rekenkundige dienste,*

**Administratiewe bestuurdienste en verbandhoudende infratruktuur,*

** Menslike hulpbronbestuur en interne arbeidsverhoudinge,*

** Bestuur en instandhouding van die SAOU lede- en algemene databasis, waarby ingesluit is die invordering van ledegeld, asook deurlopende skakeling met PERSAL,*

** die bestuur, opgradering en instandhouding van die webwerf van die SAOU,*

** Telefoondienste en die voorsiening van verbandhoudende dienste en toerusting*

** Bestuur en instandhouding van die motorvloot.*

**Die databsis van die SAEF en die SA Stigting vir Onderwys en opleiding (SASOO)beskikbaar te stel vir gebruik soos van tyd tot tyd ooreengekom.*

*Pligte van SAOU*

*SAOU onderneem om ten opsigte van die werksaamhede van die SAOU die volgende pligte teenoor SAEF en die regtsentiteite wat 'n integrale deel vorm van die werksaamhede van die SAEF, na te kom:*

**Mee te werk met die SAEF se onderskeie dienskomponente op 'n wyse soos van tyd tot tyd bepaal deur die Hoof Uitvoerende Beampte van die SAEF:*

**Personeel beskikbaar te stel aan (sic) 'n wyse soos van tyd tot tyd ooreengekom ten einde SAEF in staat te stel om sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms na te kom*

**Die tydige en gereelde betaling van die administratiewe vergoeding , bestuursfooie en huur soos van tyd tot tyd ooreengekom*

**Die werksaamhede van die SAEF en SASOO te bevorder op 'n wyse soos van tyd tot tyd ooreengekom*

Dit is duidelik dat die destydse besturende liggame van die onderwysunies wat tans die SAOU is (SAOU lede in al nege provinsies), die bates wou verskans teen moontlike verkryging daarvan deur 'n alles oorkoepelende vakbond wat moontlik nie dieselfde doelwitte huldig nie. Die idee was dat individue wat midde in die onderwysstelsel staan beheer sou hê oor hierdie bates en dit ten behoewe van SAOU sou bestuur tot voordeel van die lede en van die onderwysstelsel in die algemeen. Dit is duidelik dat alhoewel die bates oorgedra is na SAEF dat die twee entiteite baie nou moes saamwerk alles in belang van onderwys en opvoeding. Dit is ook net so duidelik dat die bestaan van die SAEF nie wyd geadverteer is nie en die finansiële posisie daarvan ook nie prominent ge-openbaar is nie.

Daar is talle klagtes tot die effek dat lede se bydraes en die SAEF se bates verkeerdelik deur die Nasionale Uitvoerende Komitee van die SAOU aangewend word ge-opper. Daar is onder andere beweer dat rentevrye lenings aan skole toegestaan word, dat geen dienste gelewer word nie en daar was groot skeptisisme oor die oordrag van die bates van die TO eers na SAOS(1), toe na SAOS(2) en uiteindelik na SAEF. Daar is twee groepe skoolhoofde wat, in noue samewerking mert mnr. Pashut, op die internet bedrywig is om 'n forensiese ondersoek na die bedrywighede van die Nasionale Uitvoerenhde Komitee van die SAOU en SAEF te bewerkstellig en

hierdie ondersoek te termineer. Ek het ‘n konsultasie gehad met vier van die skoolhoofde nl. mev R du Toit, van Germiston, mnr J Smuts van Kempton Park, mnr. G Burger van Belfast en mnr. M. Strydom van Secunda. Dit was duidelik dat hulle uiters skepties was oor die bestuur van die SAOU en SAEF en ek het die indruk gekry dat hulle nie ongeneë was om te dink dat die hele skepping van die SAEF ‘n soort van skelmstreek was deur die bestuur van die SAOU om in die geheim beheer te kry oor die bates van die SAOU en dit dan vir eie gewin te bestuur. Toe ek byvoorbeeld noem dat ek die onder die indruk gebring is dat onderwysers wat lede was van die SAOU opleiding gekry het om hulle in staat te stel, om die ten spyte van die invoer van Uitkoms Gebaseerde Onderwys, tog ‘n behoorlike kurrikulum beskikbaar gehad het en dat die nadelige effek van die drastiese verandering so besweer kon word, en dat dit juis gedoen is met die fondse van SAEF, was die eenparige reaksie dat dit glad nie so is nie en dat die department die opleiding verskaf het.

Om groter duidelikheid te kry oor die stigting van die SAEF het ek onderhoude gevoer met ‘n vorige hoof uitvoerende beamptes van die SAOU en SAEF, nl. Dr. E H Davies asook die vorige Presidente mnr. Corn Booyens en Dr. Jopie Breed. Mnr. Booyens was ook voorsitter van SAEF.. Ek was ook later weer, na my onderhoud met die reedsgemelde skoolhoofde, met mnr. Booyens en Dr. Davies in verbinding. Na aanleiding van groter detail en vir ‘n beter begrip van wat gebeur het oor die jare brei ek verder uit:

Voor 1994 het die destydse TO ‘n stelsel van belangegroepe en takvergaderings bedryf. Lede kon belangegroepsvergaderings bywoon waar spesifieke sake hanteer is. So was daar byvoorbeeld die Belangegroep Pre-primêre skole wat saamtrekke van tot 2000 lede op ‘n slag gereël het. Die skoolhoofde het ‘n belangegroep van hulle eie gehad. Tydens takvergaderings is dinge soos veranderinge in die onderwysstelsel en wysigings in die onderwyswetgewing hanteer. Gedurende daardie tyd was slegs drie provinsiale onderwys departemente nl. Gauteng, Vrystaat en Wes-Kaap in ‘n posisie om fasette van opleiding te hanteer. Die ander ses provinsies kon dit nie doen nie. Dit is steeds die posisie.

Vanaf ongeveer 1996 het T O wat met die tyd deur die huidige SAOU opgevolg is besef dat die veranderende onderwysmilieu asook verwagte veranderings aan die kurrikulums wyer ingrepe deur die organisasie ten behoewe van sy lede regverdig. 'n Inhuis kurrikulumdiens is daargestel. Aanvanklik is een persoon nl. Dr. Charles Wright aangestel om die veranderde beleid te ontleed en nuusbriewe aan lede op te stel en ook vir opleidingsaksies aan lede voorsiening te maak.

Uitkoms Gebaseerde Onderwys (UGO) was deel van 'n program van die Staat wat as Kurrikulum 2005 bekend was. Die onderwysowerhede het aanvanklik weinig leiding aan onderwysers voorsien. Daar was nie opleiding in Afrikaans nie en daar is nie doeltreffende materiaal in Afrikaans voorsien nie. Die unie het toe besluit om self skrifltelike leiding aan lede te verskaf omdat die behoefte bestaan het. Daar was drie elemente ter sprake nl. inhoud, metodologie en pedagogiek. UGO het aanvanklik geen gestelde inhoud voorgeskryf nie. Verder is groepwerk eerder as formele klaskamer onderrig voorgestaan. Op die assesserings- en evalueringsfront is benaderings voorgehou wat vir die deursnee lid in geheel onbekend was en beslis werksvreemd. Dit wil lyk asof die onderwysowerhede nie toegerus was om hierdie radikale verandering in benadering te hanteer nie aangesien die UGO benadering na enkele jare laat vaar is.

Nuwe leerplanne is deur die SAOU ontwikkel en die beplanning was om dit in boekvorm uit gee. Mnr. Clive Roos het as hoofbestuurder van 'n maatskappy, Bataleur (Edms. Bpk.) 'n filiaal van Contlan Ltd in samewerking met Naspers hierdie aksie geloods. Daar is ook destyds gehoop om deur middel van 'n maatskappy Edutech Bpk dienste aan die onderwysgemeenskap te lewer soos bv. inligtingstegnologie, mediese fondsbystand, versekeringsdienste, finansiering, kurrikulumdienste en die verskaffing van handboeke. Daar is gesprek gevoer met verskillende entiteite soos Credit Vision, Future Kids, Africa Group, Natal African Teachers Union, mediese versekeringsentiteite en uitgewers. Die idee was dat Edutech geleenthede moes identifiseer wat ontgin kon word. Die lede van SAOS se bestuur het gedurende die jare 2001 tot ongeveer 2005 allerhande voorstelle oorweeg soos wat 'n aantal notules van vergaderings, wat ek ter insae gehad het, getuig. Die naakte werklikheid is dat

die projek nie suksesvol was nie. SAOS se belang in Contlan Ltd is vir 'n appel en 'n ei verkoop. Mnr. Klopper was 'n direkteur in 'n aantal van hierdie maatskappye. Soos blyk uit 'n insae in 'n soekverslag by die kantoor van die Kommissie van Maatskappye en Intellektuale Goedere was mnr. Klopper 'n direkteur in 'n aantal van hierdie maatskappye maar het hy jare gelede al bedank, waarskynlik toe die projek afbestuur is.

Sedert die UGO, het die SAOU sy opleidingskapasiteit versterk sodat duisende lede jaarliks deur opleidingsprogramme gesit word. Wat as die kurrikulumdiens ontstaan het is nou bekend as die Professionele Ondersteuningsdiens. Daar word professionele opleiding aan onderwysbestuurders gegee en vakspesifieke opleiding vir onderwysers. Die SAOU doen ook navorsingswerk oor verskeie aspekte wat die professionele en werkslewe van die onderwyser raak. Ek is tevrede dat die SAOU wel, in samewerking met SAEF, die skole waarin hulle lede skool hou, van hulp was met programme wat die onderwysers in besit gestel het van leerplanne, wat hulle in staat gestel het om, ten spyte van kurrikulum 2005, behoorlike onderrig te verskaf. Ek aanvaar onvoorwaardelik dat die destydse SAOU(Noord) wel 'n reuse bydrae gemaak het tot die ontwikkeling en beskikbaarstelling van professionele leermateriaal.

## 6. DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE SAOU

Die SAOU is 'n onderwysersunie, 'n beroepsliggaam met die mag om vergoeding en diensvoorwaardes met die werkgewer te beding en om namens lede in die geval van griewe en dispute op te tree. Dit is derhalwe van kardinale belang dat goeie verhoudings met die werkgewer en ander onderwysersunies gehandhaaf word. Dit

> Moet 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van verantwoordbare wetgewing en beleid in die onderwys;
>
> Moet in belang van die georganiseerde onderwysprofessie maar in besonder van die belange van die Unie se lede 'n stelsel van effektiewe

beraadslaging, adviesstrukture en onderhandelings en bedingingsmeganismes daarstel;

Moet meewerk tot die skepping en instandhouding van 'n behoorlike registrasieselsel en 'n gedragskode waaraan alle professionele opvoeders gebonde is;

Moet in belang van kwaliteit onderwys met ouers en gemeenskappe saamwerk;

Moet effektiewe nasionale en provinsiale onderwysstrukture bevorder;

Moet inligting inwin en toepaslike inligting aan belanghebbendes versprei;

Moet die professionele groei van lede en ander werknemers deur middel van seminare, konferensies, kongresse en debatte te bevorder; en

Moet enige funksie verrig wat kragtens die Grondwet op die werkterrein van die Unie lê.

**<u>Bystand aan lede:</u>**

Die SAOU het meer as 37 000 lede landswyd oor al 9 provinsies. Die uitvoerende komitee moet die belange van die lede koördineer. Dit sluit in:

1 **Kollektiewe onderhandelinge.**

1.1 Nasionale vlak:

a. Staatsdienskoördinerende Bedingingsraad (PSCBC). Die forum verteenwoordig 1.2 miljoen werknemers van die Staat. Dit vereis dat daar namens die werknemers met die Staat onderhandel moet word en dat daar wisselwerking met die prinsipale van ander vakbonde moet wees. In die praktyk het dit behels dat die HUB van die SAOU soms as hoofonderhandelaar moes optree en vir etlike jare die voorsitter was van die Onafhanklikie Arbeidskoukus.

b. Die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO). Dit is 'n forum wat 380 000 opvoeders van openbare skole verteenwoordig. Op hierdie vlak is daar ook 'n forum bekend as die CTU-ATU (Combined Trade Union of Autonomous Teacher Unions). Dit verteenwoordig 130 000 opvoeders. Die HUB van die SAOU was vir jare die hoofonderhandelaar namens SAOU in RAVO en is tans die voorsitter van die CTU-ATU

1.2 Provinsiale vlak:

RAVO beskik oor 9 provinsiale kamers en die SAOU word in die forums deur die 9 provinsiale sekretarisse verteenwoordig. Alle mandate geskied via die Nasionale Dagbestuur wat moet toesien dat daar behoorlike koördinasie is en dat mandate konsekwent uitgevoer word.

2 **Besluitnemingstrukture van die SAOU** :

i Die driejaarlikse Nasionale Kongres
ii 8 Jaarlikse Dagbestuursvergaderings
iii 2 Jaarlikse Nasionale Uitvoerende Raadsvergaderings
iv 2 Jaarlikse Professionele Komiteevergaderings
v 6 Jaarlikse Bestuurs- en Beplanningskomiteevergaderings vir provinsiale en afdelingshoofde
vi Die jaarlikse Strategiese Beplanningsessie.
vii 8 Jaarlikse Finansiële Advieskomiteevergaderings
viii 2 Jaarlikse Sosiale Geregtigheidsvergaderings
ix 2 Jaarlikse Beleggingskomiteevergaderings
x Minstens 2 Jaarlikse Interne Oudit en Risikokomiteevergaderings
xi 2 Jaarlikse Begrotingskomiteevergaderings
xii 4 Jaarlikse Menslike Hulpbronkomiteevergaderings
xiii 2 Jaarlikse Strategie komiteevergaderings
xiv 2 Jaarlikse IT komiteevergaderings
xv 5 Jaarlikse Hoofdesimposium Beplanningskomiteevergaderings
xvi 3 Jaarlikse Werkswinkel Beplanningskomiteevergaderings
xvii Veelvuldige Tender en Verkrygingskomiteevergaderings

3 Administrasie en Finansies

3.1 Administrasie:

Alle reëlings ivm die Kongres en elkeen van die bovermelde vergaderings.

Die lededatabasis vir die 37 000 lede en die vestiging van 'n doelmatige rekenaarprogram ten einde ledegeld van die drie kategorieë van lede te kan invorder.

3.2 Finansies

Die vestiging van 'n finansiële bestuurs- en rekenaarstelsel om te verseker dat fondse oordeelkundig en met omsigtigheid bestuur word.

Deurlopende gesprekvoering met die interne Oudit en Risikokomitee en die Bestuursadvieskomitee om behoorlike kontrole maatreëls te verseker.

Deurlopende koördinasie met ouditeure.

4. <u>Regsdienste</u>

Daar is 'n afsonderlike nasionale regsafdeling gevestig met drie regspraktisyns en administratiewe ondersteuning om die meer gekompliseerde regsake wat nie deur die provinsiale kantore hanteer kan word nie, te behartig.

Daar vind weekliks werksvergaderings onder voorsitterskap van die HUB plaas, waartydens alle sake bespreek word en besluite geneem word met betrekking tot die voortgesette hantering daarvan.

Die kategorieë van sake wat hanteer word is:

Disiplinêre verhore

Konsiliasies en mediasies

Arbitrasies

Regsadvies aan die besluitnemingstrukture van die SAOU

Nasionale Dagbestuur en Nasionale Uitvoerende Raad

Provinsiale Dagbesture en Provinsiale Uitvoerende Rade

Ander entiteite van die SAOU Groep

Aanstelling van eksterne regsgeleerdes vir spesifieke sake, soos bv. in die geval van twee sake wat suksesvol tot in die Konstitusionele Hof gevoer is.

## 5 <u>Professionele Ondersteuningsdienste (POD)</u>

Daar bestaan 'n nasionale afdeling met 5 professionele adviseurs en administratiewe ondersteuning om die SAOU op professionele en kurrikulum terrein by te staan.

Daar vind weekliks werksvergaderings onder voorsitterskap van die HUB plaas waartydens alle relevante aspekte oorweeg word en nodige besluite geneem word mbt die terreine waarop die afdeling fokus, nl.

- Vroeë Kind Ontwikkeling (VKO) en Grondslagfase (Gr R – 3)
- Intermediêre- en Seniorfase (Gr 4 - 9)
- Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (Gr 10 – 12)
- Onderwys vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes (OLSOB)
- Onafhanklike skole

Die personeel verantwoordelik vir die onderskeie fases ontwikkel 'n professionele bemagtigingsprogram vir lede van die SAOU. So bv. is die beplanning vir 2018, 211 opleidingsgeleenthede wat ten doel het om 15 000 tot 20 000 lede te bereik.

Die SAOU koördineer en kontroleer die bywoning van die verskillende departementele kurrikulum- en professionele komitees en die maak van insette.

Daar word weekliks bestuurs- en beplanningsvergaderings van die POD afdeling gehou, waartydens 'n oorsig geneem word van die verskillende aktiwiteite en beplanning van die volgende 5 werksdae.

## 6 <u>Inbelsentrum</u>

Daar is ’n nasionale inbelsentrum wat be-oog om ‘n simpatieke oor vir elke lid daar te stel en om die werkslading van provinsiale kantore te verlig.

Die sentrum word beman deur twee voltydse personeellede asook bystandsverlening deur voltydse vakbondverteenwoordigers

Daar word weekliks statistiek gehou van die skakeling met lede ten einde bepaalde tendense vroegtydig te identifiseer.

7 **Bemarking en kommunikasie**

Die vestiging van verskillende kommunikasienetwerke om te poog om met elke individuele lid te kommunikeer, nl.

‘n E-pos netwerk op nasionale en provinsiale vlak

‘n WApp netwerk op nasionale en provinsiale vlak

‘n Webwerf wat met tye deur tot soveel as 50 000 besoekers per maand besoek word

Facebook gemeenskappe

‘n SAOU toepassing (App)

8 **Nasionale bemagtigingsaksies**

Die nasionale kantoor beplan en reël die bemagtgingsaksies. Die belangrikste twee is:

1. Die Nasionale Werkswinkel vir Skoolbesture. Dit word op ‘n rotasiebasis jaarliks in verskillende provinsies aangebied. Bywoning word beperk tot 400 lede.
2. Die Nasionale Hoofdesimposium wat die afgerlope 23 jaar in Port Elizabeth aangebied word. Bywoning word beperk tot 920 persone. Dit is ‘n komplekse oefening wat die volgende aangeleenthede behels:
    - i Identifisering van sprekers
    - ii Onderhandelinge met sprekers

iii Opstel van program
iv Reis- en Akkommodasiereëlings
v Koördinering van die reëlings met die *de facto* organiseerder.

9. **<u>Media</u>**

Die vestiging van ‘n skakelnetwerk met die media op ‘n provinsiale en nasionale vlak.

Die opstel en uitreik van mediaverklarings oor ‘n verskeidenheid van onderwerpe.

Deelname aan TV en radioprogramme.

Die koördinering en verfyning van mediaverklarings op provinsiale vlak.

10. **<u>Eksterne skakeling.</u>**

Daar moet ‘n netwerk geskep en in stand gehou word wat interaksie tussen rolspelers in die vakbond en die onderwysgemeenskap bewerkstellig. Die betrokke rolspelers is

i Vakbonde:

SADOU, NAPTOSA, PSA (Public Servants Association), NEHAWU, PEU, HOSPERSA en NATU.

ii Onderwysrolspelers

Departement van Basiese Onderwys, NCET, JET, SARO (SACE), RAVO, PSCBC en Education International.

Iii Afrikaanse gemeenskap

Dagbreektrust, ATKV, FAK, Solidariteit en AON

11 **<u>Vakbond Federasievlak</u>**.

Die SAOU het deur middel van die HUB sitting op die Dagbestuur en die Nasionale Uitvoerende Raad van FEDUSA en verteenwoordig FEDUSA op NEDLAC. Dit het ook deur middel van die HUB direkte skakeling met COSATU, NACTU en SAFTU en verteenwoordiging vir die Arbeidsgemeenkap op NEDLAC se Oudit- en Risikokomitee en Finansieskomitee.

12 **<u>Politieke skakeling.</u>**

Dit is noodsaaklik dat daar deurlopend geskakel word met politieke funksionarisse. So was daar gedurende hierdie jaar skakeling met die Staatspresident, die Minister van Basiese Onderwys, die Adjunk-Minister van Basiese Onderwys en op Provinsiale vlak met verskeie LURe. Daar is ook gesprekvoering met die LUR vir Onderwys in Gauteng aangaande toelatingsvereistes vir skole en die plek en status van Afrikaans in die openbare onderwys.

13. **<u>Strukture binne die SAOU-Groep tov beheer en bestuur.</u>**

Die SAOU pas die beginsels van King III en later King IV toe. Die volgende strukture is ingestel:

‘n Interne Oudit en Risikokomitee

‘n Beleggingskomitee

‘n Vergoedingskomitee

’n Menslike hulpbronkomitee

‘n Strategiekomitee

‘n Tender- en Verkrygingskomitee

‘n ‘n IT-komitee

‘n Geskenkeregister

Daar word weekliks bestuursadviesvergaderings deur die hoofde van alle afdelings, onder voorsitterskap van die HUB gehou waartydens daar ‘n volledige oorsig oor die kontantvloei van die vorige 5 werksdae gegee moet word.

So word daar ook bestuursvergaderings onder voorsitterskap van die HUB gehou met die hoofde van eksterne kantore

By enige van die voornoemde vergaderings is dit ‘n integrale deel van die stelsel dat belangekonflikte geopenbaar moet word.

14. **Personeelbestuur**

Die SAOU-groep se werksaamhede word verrig en bestuur deur 77 personeellede wat versprei is in die volgende sentra: Pretoria, Durban, Port Elizabeth, Kaapstad, Kimberley en Bloemfontein.

Die primêre fokus van die vergaderings van die Bestuurs- en Advieskomitee, die Bestuurskomitee vir buitekantore en die Menslike Hulpbronnekomitee is gerig op die werksprestasie en welstand van die werknemers.

Daar is programme in plek geplaas wat o.a. die volgende insluit:

Regsadvies vir personeellede wat in regsgedinge betrokke raak

Die hospitalisering van personeel wat ly aan depressie en soortgelyke toestande

‘n Welstandsprogram om oor die algemeen na personeel om te sien

Die SAOU onderhandel jaarliks met die Departement van Basiese Onderwys aangaande die 6 sekonderings waarop die vakbond geregtig is.

15. **Suid Afrikaanse Stigting vir Onderwys en Opleiding (SASOO)**

Die Stigting is die SAOU se professionele opleidingsinstituut wat benut word as voertuig vir opleidingsgeleenthede waar die SAOU om politieke redes nie aanvaarbaar is nie.

Ongeveer 10 geleenthede per jaar word benut  as opleidingsgeleenthede vir amptenare van die onderskeie departemente van onderwys.  Twee personeellede lewer diens op ‘n deeltydse basis in hierdie verband.

SASOO se bestuurskomitee vergader drie maal per jaar waartydens oorweging verleen word aan die volgende:

Die stand en status van die S A Komprehensiewe Assesseringsinstituut (SAKAI).  Dit is ‘n eksamineringsliggaam wat gevestig is met die oog daarop om oor die langer termyn NSS-kwalifikasies te eksamineer vir die Afrikaanssprekende gemeenskap.

Befondsing van SAOU opleidingsgeleehthede

Deurlopende kontrolering van finansies met spesifieke verwysing na projekfinansiering.

Identifisering van navorsingsprojekte.

Die ontwikkeling van opleidingskursusse wat spesifiek op die Teacher Union Collaboration projek van toepassing is.

Onderhandelinge met donateurs:

Departement van Basiese Onderwys

Provinsiale Departemente van onderwys

Privaat donateurs, bv. Trust vir Afrikaanse Onderwys.

## 7. DIENSTE TEN OPSIGTE VAN INDIVIDUELE LEDE VAN SAOU

As gevolg van die feit dat baie van die klagtes wat ge-opper is tot die effek was dat lede se bydraes wanaangewend word en dat daar geen voordeel vir lede is nie, het ek mnr. Erasmus gevra om die SAOU te versoek om aan my ‘n uiteensetting te gee vir dienste wat gelewer word. Ek het teen die einde van Mei 2018 ‘n uiteensetting ontvang wat die periode van Januarie tot Mei 2018 dek. Daar was verskillende kategorieë:

**1. SAOU hou lede op hoogte.**

Daar was 39 Nasionale nuusbriewe, 26 Gauteng nuusbriewe , 13 KZN nuusbriewe, 20 Limpopo nuusbriewe, 25 Mpumalanga nuusbriewe, 19 Noord-Kaap nuusbriewe, 19 Noordwes nuusbriewe, 14 Oos-Kaap nuusbriewe, 20 Vrystaat nuusbriewe en 28 Wes-Kaap nuusbriewe. Voorts was daar 11 Professionele Ontwikkelingsdienste aksies, een geval van regsdienste en twee onafhanklike skole inisiatiewe.

2 **Advies.**

Indien 'n lid advies benodig in verband met 'n kurrikulum in enige fase van graad 1 tot graad 12 is daar verskeie lessenaars wat kan help, óf deur in te bel óf by wyse van e-pos. Gedurende die periode Januarie tot Mei 2018 was daar in totaal 5757 navrae vanuit elke een van die 9 provinsies. Daar was ook weekliks navrae van onafhanklike skole.

3. **Salarisprobleme.**

Wanneer lede probleme het met die betaling van salaris kan die lid skakel met die SAOU wat dan die kwessie verder voer en die lid help om die posisie regte stel. Gedurende die periode Januarie tot Mei 2018 is die volgende bedrae in die volgende provinsies na bewering aan lede betaal wat gesukkel het:

| | |
|---|---|
| Gauteng | R265 198.49 |
| KZN | R1.5 miljoen |
| Limpopo | +/- R86 000 |
| Mpumalanga | R192 000 |
| Noord-Kaap | +/- R100 000 |
| Noordwes | R8 927 100 |
| Oos-Kaap | R177 268 |
| Vrystaat | R4 277 309.59 |
| Wes-Kaap | +/- R1.7 miljoen |

4. **Nuwe idees, regskwessies in skoolverband of motivering**

Gedurende die periode Januarie tot Junie 2018 was daar die volgende opleidingsgeleenthede:

| | |
|---|---|
| Professionele ontwikkelingsdienste | 56 |
| Onafhanklike skole inisiatief | 8 |
| Regsafdeling | 8 |
| Nasionaal | 1 |
| Gauteng | 9 |
| KZN | 7 |
| Limpopo | 5 |
| Mpumalanga | 8 |
| Noord-Kaap | 11 |
| Noordwes | 8 |
| Oos-Kaap | 13 |
| Vrystaat | 12 |
| Wes-Kaap | 13 |

Nie lede word ook by opleidingsessies toegelaat teen 'n hoër fooi as lede.

5. **Kollektiewe onderhandelinge en Nasionale en Provinsiale advieskomitees**

Die Nasionale Uitvoerende Komitee se funksie is om lede se belange te bevorder

Vanaf Januarie tot Mei 2018 is 34 vergaderings ten opsigte van die professionele ontwikkelingsdienste bygewoon. Daar was 'n onafhanklike skole inisiatief. Daar was 24 vergaderings van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys. Daar was talle provinsiale

vergaderings en forums waar taakspanne die vakbond verteenwoordig het.

6. **<u>Skoolbesoeke om onderwysverwante innovasies/kwessies te bespreek.</u>**

Wat die professionele ontwikkelingsdienste aanbetref was daar 15 skoolbesoeke en twee skoolverwante besoeke aan universiteite gedurende die periode Januarie tot Mei 2018. Die regsafdeling het 8 besoeke gebring en dan het die vakbond 58 skoolbesoeke gebring in Gauteng, 17 in KZN, 12 in Limpopo, 22 in Mpumalanga, 17 in die Noord-Kaap, 40 in Noordwes, 28 in die Oos-Kaap, 12 in die Vrystaat en 88 in die Wes-Kaap.

7. **<u>Regsdienste:</u>**

Regsdienste rapporteer periodiek aan die SAOU Dagbestuur met 6 tot 8 weke intervalle. Dan word daar verslag gedoen aangaande alle hangende sake. Omdat die soort werk dikwels oor lang tydperke afgehandel word het daar nie noodwendig enige stappe tydens 'n spesifieke rapporteringsgeleentheid geskied nie. Daar is basies drie kategorieë van sake.

Daar is litigasie wat na eksterne prokureurs verwys is. Dit het o.a 'n geval behels in die Vrystaat waar 'n hofbevel toegestaan is dat die beheerliggaam van 'n skool ontbind word, dat 'n nuwe beheerliggaam verkies moet word en dat vorige lede nie herkiesbaar was nie. Daar was gevalle van onbillike arbeidspraktyke waar lede wat in 6/8 poste aangestel was se poste omskep is in permanente voltydse poste en salarisaanpassings gemaak is. Daar was gevalle waar onderwysers moes litigeer om erkenning van kwalifikasies te kry en daar was gevalle waar lede geregtig was op terugbetaling van gelde verskuldig soos bv. vir verhuisingskoste wat by wyse van litigasie afgedwing moes word. Daar was 16 sulke gevalle gedurende Januarie tot Mei 2018. Van hierdie sake was 6 afkomstig uit die Oos Kaap, 3 uit KwaZulu Natal, 3 uit Limpopo, 3 uit die Vrystaat en 1 uit die Wes Kaap. Daar is gedurende hierdie

tydperk ‘n totale bedrag van R347 035.56 aan die prokureurs wat die sake hanteer het uit betaal.

Gedurende die relevante tydperk was daar 137 arbitrasiesake hangende in die diverse provinsies. Die sake word hanteer deur die SAOU se regsdienste. Van die sake vorder so ver as die Raad op Versoening in die Onderwys en ander eindig in die Arbeidshof. Wanneer ‘n toekenning of ‘n bevel gemaak word beteken dit nie noodwendig dat betaling volg nie. In baie gevalle moet daar ‘n bekragtiging van die bevel deur die KVBA verkry en word en moet afdwinging daarvan deur middel van die balju bewerkstellig word.

Die derde kategorie van sake is ook arbitrasies maar dit is 123 dissiplinêre verhore wat in verskillende stadia was. Regsdienste lede verteenwoordig lede by voorverhoor onderhandelinge en tydens die verhore.

Die SAOU litigeer met omsigtigheid agv. die koste betrokke en doen meesal so in die Arbeidshof. Die SAOU het al met sukses in die Konstitusionele Hof gelitigeer en het al ‘n prokureur en eie klient bevel teen ‘n Provinsiale Onderwys Departement verkry.

8. **Persoonlike onderhoude met lede.**

Behalwe vir die Oos-Kaap, waar daar skynbaar daagliks onderhoude met lede gevoer word was tydens die bogemelde periode 173 persoonlike onderhoude met lede: 41 in Gauteng, 4 in KZN, 15 in Limpopo, 8 in Mpumalanga, 35 in die Noord-Kaap, 20 in Noordwes, meer as 50 in die Vrystaat en 5 professionele ontwikkelingsdienste.

9. **Persoonlike bystand ivm. lede se salaris- en pensioenprobleme.**

Wanneer lede salaris- en pensioenprobleme ondervind word dit of namens hulle deur die Unie met die betrokke department opgeneem of die Unie vergesel die lid na die department. So was daar tydens die relevante periode 37 sulke besoeke in Gauteng, 11 in KZN, 16 in Limpopo, 16 in Mpumalanga, ±100 in Noord Kaap, 30 in Noordwes en is

die Port Elizabethse, Oos Londonse en Vrystaatse kantore weekliks besoek. In die Wes-Kaap is alles gesentraliseer in die in die WKOD hoofkantoor en is geen distriksbesoeke nodig nie.

10. **Navorsingsprojekte**

Die Professionele Ontwikkelingsdienste is besig met navorsingsprojekte waarvan 4 reeds voltooi was. Media artikels oor onderwyskwessies word gereeld geskryf en tydens die relevante periode het 6 daarvan in Beeld verskyn.

Ek en mnre. Strydom en van Heerden het 'n baie goeie idee gekry oor die werkinge van die SAOU, veral lg. twee here wat vir weke besig was om die finansiële state na te gaan en aspekte met lede van die personeel uit te klaar. Ons het geen rede om nie te aanvaar dat die SAOU 'n behoorlike professionele diens aan lede lewer nie.

## 8. BEDENKINGE IN ONDERWYSKRINGE

Alhoewel dit tot oorvleueling kan lei meen ek dat dit nodig is om die vrae wat aan my gerig is te behandel. Een van die vraestellers mev. Retha du Toit, Skoolhoof van Afrikaans Hoërskool Germiston het 'n lys van 62 vrae gehad. Die vrae dek omtrent alle vrae wat deur bekommerde lede geopper is. Die Dagbestuur van die SAOU, bestaande uit die president, die hoof uitvoerende beampte en die nege verkose leiers, het gereageer op die vrae en 'n dokument is aan my beskikbaar gestel wat elke vraag en reaksie daarop bevat. Wat volg is die vrae en die reaksie daarop, effens geredigeer. Tensy die verslag van mnr. Strydom of tensy ekself uitdruklik anders bevind is die reaksie betroubaar.

Vraag 1:

*Wat is die mandaat van die ondersoeker en die tydraamwerk?*

Ek het aan die begin van hierdie verslag uiteengesit wat die mandaat is. Wat die tydraamwerk aanbetref was ek van mening dat dit baie vinniger afgehandel sou word as wat wel gebeur het. As gevolg van die indringende vrae was noukeurige nagaan van die verskillende finansiële state onvermydelik. Dit was 'n tydrowende proses.

Ek is spesifiek gevra om die die prosesse wat gevolg is oor die jare met die vasstelling van mnr. Klopper se vergoedingspakket by SAOU en SAEF na te gaan.

Vraag 2:

*Wie betaal die koste van die ondersoek en waarom is lede gedreig dat as hulle aandring op 'n forensiese ondersoek hulle self daarvoor sou moes betaal. Wat gaan die koste van die ondersoek wees?*

Dit is aan my aangedui dat die koste van die ondersoek gesamentlik deur die SAOU en die SAEF betaal sal word. Dit is die mening van die dagbestuur dat daar geen rede bestaan dat 'n forensiese ondersoek gedoen moet word nie en die koste daarvan aangegaan moet word nie aangesien alle entiteite altyd skoon ouditeursverslae ontvang het nadat dit 'n volledige oorwegingsproses bestaande uit oorweging deur 'n Interne Oudit- en Risikokomitee, 'n Finansiële Advieskomitee van die SAOU en die Dagbestuur ondergaan het, en die eksterne ouditeur by elke stap aanwesig was. Die Dagbestuur het geen benul wat die koste van die ondersoek gaan beloop nie.

Vraag 3.

*Wanneer waar en hoe gaan lede antwoorde op hulle vrae kry*?

Die oogmerk is duidelik dat alle vrae in hierdie verslag aangespreek word. Ek het die indruk gekry dat lede verkeerdelik gevrees het dat hierdie verslag 'n geheime verslag sal wees waartoe hulle nie toegang sal hê nie.

Vraag 4:

*Waar en wanneer is die pos van die huidige Algemene Sekretaris (HUB) geadverteer, wie het besluit oor die aanstelling en wie bepaal/beding die vergoedingspakket van sodanige persoon.*

Die pos van Algemene Sekretaris/ Hoof Uitvoerende Beampte van 'n nasionale onderwysvakbond is by wyse van nuusbrief nr. 78/2007 van die SAOU (Gauteng) gedateer 15 November 2007 geadverteer. Dit het aangedui dat die suksesvolle aansoeker oorhoofs vir die aktiwiteite van die SAOU verantwoordelik sou wees en dat die aanstelling sou wees vir die periode 1 April 2008 – 31 Maart 2011.

Tydens 'n vergadering van die SAOU gehou op 4 Maart 2008, by wyse van 'n telefoonkonferensie, is besluit om by die Uitvoerende Raad aan te beveel dat mnr J C Klopper vir 'n periode van 5 jaar aangestel word. Die notule bevestig dit. Hy was op daardie stadium reeds in diens van SAEF. Bykomend tot sy pligte by SAEF moes hy ook die pligte van SAOU aanvaar.

Die vergoedingspakket van die HUB van die SAOU word deur die Dagbestuur van die SAOU bepaal. Die beginsel wat oor die jare deur dagbesture gevolg is, is dat die vergoeding van die HUB moes wesenlik gelyk wees aan die van die van die destydse Direkteur van Onderwys van Transvaal. In hedendaagse terme sou dit gelyk wees aan die besoldiging van die DG van die Departement van Onderwys. Die aanvanklike vyf jaar aanstelling is mettertyd tot 'n permanente aanstelling as HUB verander.

Vraag 5:

*Indien die vergoedingspakket markverwant is, waarmee in die mark presies is dit vergelyk? Maw wat is die definisie van markverwant? Is die vergoedingspakket van die HUB om en by R3,5 miljoen soos beweer word? Die HUB is 'n werknemer van die SAOU. Hoekom die geheimsinnigheid oor sy vergoedingspakket? Word die SAOU-lede se geld gebruik om die HUB te betaal? Indien nie, waar kom die fondse vandaan?*

Die vasstelling van die vergoedingspakket van enige senior werknemer van die SAOU word deur 'n entiteit, P E Corporate Services. Gedoen en by die Dagbestuur van die SAOU aanbeveel, welke entiteit die finale besluit neem in verband met implementering al dan nie. Die tegniese vasstellingsprosesse wat deur P E Corporate Services gevolg word, is soortgelyk aan die prosesse van enige vergelykbare maatskappy wat korporatiewe advies oor vergoedingspakketvasstelling aan groot entiteite en maatskappye voorsien. Dit sluit onder andere vergelykings met soortgelyke korporatiewe strukture in die vakbondwese in.

Die vergoedingspakket van die Hoof Uitvoerende beampte van die SAOU is nie R3,5 miljoen per jaar nie. Sien ook die antwoord op vraag 4 wat in groter detail met die aangeleentheid omgaan.

Die lede van die SAOU het aanspraak op inligting wat hulle raak. Ingevolge die bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting het die indiwidu ook bepaalde regte. Daar is nie geheimsinnigheid oor die vergoedingspakket van die hoof uitvoerder van die werksaamhede van die SAOU nie.

SAOU se ledegeld word onder andere aangewend om alle personeel in diens van die Unie te vergoed. Dit sluit uiteraard die HUB van die SAOU in.

Die Hoof Uitvoerende Beampte se vergoedingspakket, soos deur die Dagbestuur op aanbeveling van PE Corporate Servicesbepaal, word uit SAOU-fondse betaal.

Vraag 6:

*Wie is/was die direkteure van SAEF,FINSA, TO Strand tans en voor die onlangse veranderinge wat in 2018 gemaak is?*

Die SAEF bestuurskomitee was mnr EJ Fourie, JC Klopper, CGG Lancaster, FPJ le Roux, PP Sauer en die voorsitter Dr. LH Swanepoel. Gedurende 2018 is vier verdere lede bygevoeg nl. me. E Greyvenstein, me. MG Jordaan, mnr. E N Nicholenas en mnr. M Steyn.

Die FINSA direksie het bestaan uit Dr. LH Swanepoel en mnre. JC Klopper en EJ Fourie. Dit is tydens 2018 nuut saamgestel en die lede is tans Dr. LH Swanepoel en mnre. JC Klopper, FPJ le Roux enPP Sauer.

Die TO Onderlinge Maatskappy se direksie het bestaan uit Dr. LH Swanepoel en mnre. JC Klopper en EJ Fourie. Dit is gedurende 2018 verander en die lede is nou mnre. JC Klopper en EN Nicholenas en me. MG Jordaan.

Vanweë die aftrede van mnr. Fourie het die SAEF Bestuurskomitee besluit om die direksies op grond van 'n roteringsbeleid her saam te stel.

Vraag 7:

*By registrasie in wiese naam is bg. 3 entiteite geregistreer?*

Aangesien die drie entiteite regspersone is is hulle nie in iemand se naam geregistreer nie. SAEF is die alleenaandeelhouer van beide maatskappye.

Vraag 8:

*Word die die privaat maatskappye FINSA en TOOM deur die drie direkteure besit?*

Die posisie is dat SAEF die alleen aandeelhouer in beide FINSA en TOOM is en die direkteure aanstel. Die direkteure bestuur die maatskappye namens die aandeelhouer, en besit geen aandele nie.

Vraag 9:

*Waar het FINSA se stigtingskapitaal vandaan gekom en hoeveel was dit?*

Alle kapitaal waarmee FINSA begin het om besigheid te doen was afkomstig van SAEF en diese voorgangers. . Daar word steeds van tyd tot tyd lenings aan FINSA gemaak soos die behoefte hom voordoen. Alle lenings word in die FINSA boekhouding en finansiële state as aandeelhouerslenings aangetoon. Op 28 Februarie 2018 het die aandeelhouerslening R24 765 265.42 beloop. Niks is afgeskryf nie.

Vraag 10:

*Waar kry FINSA die geld vandaan om te kan uitleen aan skole ens. ter finansiering van projekte/goedere/dienste?*

Soos aangetoon het SAEF die finansieringsbesigheid aanvanklik gefinansier en doen dit, indien nodig, steeds. Dit is egter ‘n besigheid wat terugbetaling van lenings ontvang en winste maak, welke gelde weer beskikbaar raak om uit te leen.

Vraag 11:

*Waarom is al die direksies ewe skielik verander terwyl dit jare dieselfde gebly het? Indien daar veranderinge sedert die stigtingsjare was, wanneer en met watter goedkeuring is die direksies van hierdie entiteite verander? Is daar*

*genotuleerde besluite rondom die verandering van die direksies en waar en wanneer is daar verslag gedoen daaroor?*

Die SAEF Bestuurskomitee verduidelik dat die direkteure van die maatskappye van tyd tot tyd deur die SAEF Bestuurskomitee aangewys word. Verskeie van die lede van die SAEF se Bestuurskomitee het gedurende die vorige drie jaar 65 jaar oud geword. Volgens die SAEF se konstitusie moet hulle dan hulle amp ontruim. Lede van die Bestuurskomitee het op die direksies gedien, en is vervang.

Die aanstel van direkteure is die prerogatief van die alleenaandeelhouer, die SAEF. Vanweë die feit dat die SAEF los staan van die SAOU het lede van die SAOU geen regmatige aanspraak op insae in die sake en beleid van SAEF nie. Uit die aard van die saak het ek, as ondersoeker, volle toegang tot alle notules en state gehad.

Vraag 12:

*Deur watter mandaat is hulle (direkteure) verkies? Waarom word nie eers die dagbesture van provinsies hierin geken nie? Of waarom kry provinsiale dagbesture nie terugvoering vanaf die nasionale dagbestuur hieroor nie?*

Dit is SAEF se standpunt dat die drie vrae gegrond is op die veronderstelling dat lede van SAOU geregtig is op deelname aan en insae in die werksaamhede van SAEF en dat dit glad nie die geval is nie. SAEF is juis tot stand gebring om die bates waaroor dit tans beskik te beskerm teen moontlike verkryging daarvan deur die groter vakbonde soos COSATU. In die breër staatsdiens verteenwoordig SAOU slegs 2.5% van die totale hoeveelheid werknemers in die Staatsdiens en in die onderwyssektor verteenwoordig die SAOU slegs 8.02% van alle werknemers.

Vraag 13:

*Wat het van SAOM geword? Bestaan SAOM nog en indien nie, wanneer, waar en deur wie is dit ontbind? Wat was die verband/verhouding tussen SAOM en SAEF  en die SAOU? Hoe was SAOM gefinansier?*

SAOM (Edms) Bpk. is voor 1987 deur die destydse TO geinkolrporeer. Die aandele is gedurende 1994 oorgedra na SAOS ingevolge ‘n formele samewerkingsooreenkoms, gedateer 21 Februarie 1994, deur en tussen die TO en SAOS. Dit is gedurende 1999 deur SAOS  aan die Africa Group vervreem.  ‘n Formele notule en besluit bevestig dit.

Vraag 14:

*Wie/waar is besluit hoe die voormalige TO se bates na SAEF oorgedra word?*

Op 23 Mei 1992 en te die Onderwyskollege van Pretoria by ‘n Buitegewone Algemene vergadering van die TO is besluit dat die bates oorgedra moet word na ‘n stigting (SAOS).  Daar was ongeveer 400 afgevaardigdes van 85 van die 88 takke van die TO teenwoordig.

Vraag 15:

*Watter wette sal oortree word (soos aan my genoem) indien SAEF se fondse weer onder die SAOU se bestuur geplaas word?*

Nie een van die lede van die dagbestuur van die SAOU of enige lid van die bestuursraad van SAEF het enigsins gesuggereer dat ‘n wet oortree sou word indien die bates van SAEF aan die SAOU oorgedra sou word nie. Die konstitusie van SAEF vereis egter  (soos ook voorheen deur SAOS vereis) dat indien die stigting ontbind, die bates oorgedra moet word na ‘n soortgelyke entiteit as

die Stigting en dat alle verpligtinge eers teenoor die personeel van die Stigting nagekom word.

Die SAOU en SAEF is twee wesenlik verskillende regspersone.

Volgens die oprigtingsakte van die SAEF is die doel van die stigting die bevordering en instandhouding van Onderwysstelsel terwyl die SAOU 'n vakbond is wat die regte van lede moet beskerm.

Vraag 16:

*Wie het besluit om aan 'n paar mense die beheerreg oor die TO bates te gee? Hoe is hierdie persone gekies?*

Soos blyk uit die reaksie op vraag 14 hierbo, is die relevante besluit op 23 Mei 1992 geneem by 'n buitengewone Algemene Vergadering. Dit is egter nie net die TO wat bates oorgedra het na SAEF nie, maar die onderwysverenigings van ander provinsies van die vorige bedelings nl. die Kaaplandse onderwysvereniging, SAOU (Kaapland) het bates oorgedra na die Kaaplandse Onderwystrust en in die huidige KZN is bates oorgedra na die Natalse Onderwysunie trust. Die voormalige OVSOV (Oranje Vrystaat Onderwysvereniging) het nie 'n afsonderlike batehouer gevestig nie. Hulle het hulle bates ook na SAEF oorgedra.

Vraag 17:

*Wie is die werknemers van SAEF en wat presies doen hulle vir hierdie "houer-maatskappy"?*

SAEF is nie 'n maatskappy nie maar 'n gemeenregtelike stigting. By die einde van die 2017 finansiële jaar was die personeel:

Klopper JC - Uitvoerende Bestuurder

Fourie EF – Adjunk Uitvoerende Bestuurder

Williams J – Senior rekenmeester

Meintjies WJA - Geboue opsigter en Vlootbestuurder

Sebothoma LD – Bode en Terreinopsigter

Botha D – Sekuriteit en Tuine

Kanyane NS Algemene Dienswerker

Lekoloane EM – Algemene Dienswerker

Somo MD Algemene Dienswerker.

Vraag 18

*Wie bepaal die werknemers van SAEF se jaarlikse vergoeding en waarom word hulle vergoeding nie in die finansiële state verklaar nie? Is daar jaarliks verhogings aan hierdie vergoedings gekoppel? Watter persentasie?*

Die werknemers van SAEF se vergoeding word bepaal deur die Bestuurskomitee van SAEF wat bestaan uit 10 lede, een waarvan 'n onafhanklike praktiserende ouditeur is. Die vergoedingskomitee maak 'n aanbeveling aan die Bestuurskomitee

Die vergoeding van die werknemers word van tyd tot tyd verhoog om tred te hou met inflasie en markverwante omstandighede. Daar is nie 'n vasgestelde persentasie-verhoging per jaar nie.

Die vergoeding van werknemers word in die opgawes  wat jaarliks by die Registrateur van Niewinsgewende Organisasies, kragtens die toepaslike wetgewing, ingedien word,verklaar.

Vraag 19:

*Aan wie, word op watter gronde rentevryelenings (soos blyk uit die finansiële state van SAEF) toegestaan (skole, instansies)? Wie neem hierdie besluite oor miljoene rande?*

Die aandeelhouerslenings aan TOOM en FINSA is rentevry en is reeds so vir baie jare.  Daar word nie enige rentevrye lenings aan skole en/of persone verleen nie.  FINSA stel wel rentedraende lenings aan skole beskikbaar teen markverwante rentekoerse.  Die Direksie van FINSA is verantwoordelik vir die opstel van beleid.  Die voorsiening van lenings word op bedryfsvlak deur die uitvoerende personeel  volgens die beleid gedoen. Die slegte skuld verhouding vir die vorige finansiële jaar het ±2.5% beloop.  Die Direksie aanvaar die fidusiêre verantwoordelikhede vir die maatskappy.

Vraag 20:

*Wie besluit waar en hoe die fondse van SAEF belê moet word en wie aanvaar dan verantwoordelikheid indien dit 'n "slegte" of swak belegging was? Hoe word besluit op die termyn van die beleggings?*

Beleggings van likiede fondse , en die termyn daarvan, geskied op aanbeveling en advies deur 'n kundige onafhanklike makelary, Kruger Internasionaal, en na voorlegging van voorstelle aan die Interne Beleggingskomitee.  Die Beleggingskomitee maak aanbevelings aan die Bestuurskomitee.

Daar word op gereelde basis oorweging verleen aan die vraag of daar nie ‘n verandering moet wees van beleggingsmakelaar nie. Daar is aangedui dat die Groep Interne Beleggingskomitee besig was om voorleggings van verskeie beleggingsmaatskappye in te win ten einde ‘n ingeligte besluit te kan neem oor die vraag waar om die fondse te belê. Die entiteite wat oorweeg is, was PSG Wealth, Ou Mutual en Kruger Internasionaal. Daar is aangedui dat geeneen van die lede van die beleggingskomitee enige verwantskap met enige van die betrokke entiteite het nie.

Die Bestuurskomitee aanvaar verantwoordelikheid, in terme van hulle fidusiêre pligte teenoor die SAEF, vir die kwaliteit van die beleggings.

Vraag 21:

*Is die bewering waar dat byvoorbeeld ‘n gegoede skool soos Hoërskool Nelspruit ‘n rentevrye lening van R2miljoen by FINSA bekom het? Indien wel, op watter gronde? Die verwagting sou wees dat skole wat finansiëel sukkel, gehelp sal word.*

Die antwoord word gegee dat daar geen waarheid in die aantyging steek nie.

Vraag 22.

*Wanneer en waarom het die klem verskuif van FINSA na SAEF in die debakel tov mnr. Paashut?*

Wat hierdie aspek aanbetref het ek reeds aangedui dat ek van mening is dat dit onnodig is om die oorsprong van mnr. Pashut se renons in mnr. Klopper en die omgekeerde te probeer bepaal. Dit is duidelik dat mnr. Pashut persoonlik en

met die hulp van sekere lede aanvoer dat mnr. Klopper en die Uitvoerende Komitee van die SAOU en SAEF die twee entiteite korrup bestuur tot die nadeel van lede. Dit volg natuurlik dat as van die bewerings korrek is, dit in belang van lede is om te weet presies tot welke mate daar wanbestuur is sodat die lede gepas kan optree. Ek beplan om aan lede te verduidelik wat presies die pligte van die Uitvoerende Komitee is en hoe dit uitgevoer word en wat die oorsprong van die samewerkingsooreenkoms tussen SAOU en SAOS is en hoe SAEF uiteindelik tot stand gekom het. Ek sal bepaal of daar meriete is in die suspisie van lede oor die bestuur van die SAEF.

Ek gaan gevolglik nie die bewerings wat gemaak is aangaande mnr. Pashut wat, indien dit waar is, duidelik tot die effek is dat hy nie volgens Queensburyreëls veg nie, ondersoek nie. Ek vind dit onnodig aangesien dit nie werklik vir lede van belang is nie, wat betref hulle posisie as lede van die vakbond nie.

Vraag 23:

*Waar is die finansiële state van FINSA bekombaar?*

Die state kan aangevra word by die ouditeure van FINSA deur diegene wat kan aantoon dat hulle ‘n belang tot insae het. (Soos elders aangetoon is dit duidelik dat die hele filosofie agter die totstandkoming van eers SAOS en uiteindelik SAEF juis was om die bates uit die beheer van die vakbond te verwyder.)

Uit die aard van die saak het ek en mnre. Strydom en van Heerden volledige insae in alle state, van al die entiteite in die SAOU Groep.

Vraag 24:

*Waar is die finansiële state van die TO Strand bekombaar?*

Die state kan aangevra word by die ouditeure van die maatskappy, Renette Bodenstein & Kie 15 Salmon Drive, Uvongo.

Soos reeds aangedui het mnre Strydom en van Heerden insae in alle state.

Vraag 25:

*Daar is duidelik 'n verband tussen die sogenaamde losstaande nie-winsgewende entiteite, nl. SAOU,SAEF,FINSA, TOOM en finansiële state van elkeen is nodig om verbande te kan ondersoek en kontroleer. Waarom word dit nie beskikbaar gestel nie?*

Slegs SAEF is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie.

FINSA en TOOM is privaat maatskappye en die SAOU is 'n gemeenregtelike vereniging wat beheer word deur die Wet op Arbeidsverhoudinge en sy grondwet, wat 'n openbare dokument is, en wat by die Registrateur van Vakbonde geregistreer is.

Wat die finasiële state van FINSA en TOOM aanbetref is dit reeds behandel in 23 en 24 hierbo.

Die SAOU se finansiële state word drie-jaarliks by die Nasionale Kongres van die organisasie voorgelê vir oorweging en daarna vir goedkeuring. Die state vir 2015, 2016 en 2017 is gedurende die 2017 kongres goedgekeur. Al drie jare se state was ongekwalifiseerd.

Vraag26:

*Het die SAOU, SAEF, FINSA en TO-Strand aparte bankrekeninge?*

Ja by ABSA. Die rekeningnommers is soos volg:

SAOU 2310 000 070

SAEF 4054 332 679

FINSA 2310 174 885

TO Strand 310 850 503

Vraag 27:

*Indien nie, hoekom nie? Indien wel, wie het tekenregte op hierdie verskillende rekeninge en hoe en waar word besluit wie oor tekenregte sal beskik?*

Die tekenregte is soos volg:

SAOU: Mnr. JC Klopper, Mnr.E J Fourie, Me J Williams en Me M van Rooyen

SAEF: Mnr. JC Klopper, Mnr. EJ Fourie, Me J Williams en Me M van Rooyen

FINSA: Mnr. JC Klopper, Mnr. EJ Fourie, Me J Williams en Me M van Rooyen

TO Strand Mnr.JC Klopper, Mnr. EJ Fourie, Me. J Williams en Mnr F Pieterse

Betalingsregte volgens die EFT stelsel is soos volg:

In die geval van SAOU, SAEF en FINSA is presies dieselfde persone wat tekenregte het gemagtig om elektroniese betalings te maak. In die geval van die TO Strand is Mnr. E J Fourie, Mnr. F Pieterse en Me. I Louw gemagtig om elektroniese betalings te maak. In die reaksie op die vraag word ook aangedui dat Mnr. Klopper nie gedurende die voorgaande jaar enige tjeks geteken het nie of elektroniese betalings gemaak het nie.

Vraag 28:

*Blykbaar word 'n poging aangewend om van die nie-winsgewende TO-Strand ontslae te raak/te verkoop, maar geen belangstelling is ontvang nie. Waarom weet lede nie hiervan nie? Indien dit aan om en by 30 000 lede gemeld word, is*

*die kanse om belangstelling te lok 30 000 keer groter? 30 000 lede kan gratis help met bemarking en hiedie taak vergemaklik.*

TO Strand het 'n netto wins van R371 719 in die 2016/17 finansiële jaar behaal.

Die vervreemding van 'n maatskappy is uiters kompleks met verskillende opsies waarvolgens 'n transaksie gestruktueer kan word. Hierdie verantwoordelikheid resorteer op die terrein van die direksie of die aandeelhouer.

Opvoeders wie se nering elders lê is gewis nie geskikte fasiliteerders van 'n komplekse en gestruktureerde transaksie nie

As gevolg van die dramatise agteruitgang van die Laer Suidkus van KZN, gepaardgaande met omvattende instandhoudingsprogramme, het TO Strand 'n insinking gedurende 2017/18, beleef. Daar is egter geen rede waarom dit nie weer winsgewend kan wees nie. Die direksie werk aan 'n omdraaistrategie.

Vraag 29:

*Wat word van deursigtigheid?*

SAEF dien elke jaar 'n statutêrvoorgeskrewe verslag in by die Departement van Welsyn in. Belastingopgawes word jaarliks ingedien.

Die SAOU bedryf sy sake absoluut deursigtig, lewer jaarliks verslag aan die Departement van Arbeid en is verseker rekenskap aan sy lede verskuldig soos in die Grondwet uitgestip. Die voorgeskrewe belastingopgawes word ook ingedien.

Vraag 30:

*Die SAEF stigtingsdokument is nie korrek gedateer nie(bl 4)? Waarom nie?*

Die antwoord aan my verskaf is dat dit op 3 November 2003 geteken is en dat die diensvlakooreenkoms tussen SAOU en SAEF geteken is op 10 Oktober 2006.

Vraag 31:

*Is daar enige gedokumenteerde bewyse dat SAEF sy doelstellings wel gestand doen?*

Die antwoord wat verskaf is, is dat die SAOU tot die orde van R3miljoen gebaat het op grond van die omvattende ondersteuning wat deur SAEF aan SAOU beskikbaar gestel is deur bv. kantoorspasie goedkoop beskikbaar te stel sodat SAOU werknemers kan konsentreer op hulle werk om die belange van lede van die vakbond te behartig.

Vraag 32:

*Nuusbrief 4B van SAOU - SAOU is "sole beneficiary" van SAEF? Hoe? Is daar bewyse hiervan? Waar baat die SAOU-lede uit SAEF?*

Die verhouding deur en tussen die SAOU en SAEF word gestaaf deur 'n diensvlakooreenkoms. Die SAOU se strategiekomitee, 'n advieskomitee van die Dagbestuur het dit op 18 April 2018 oorweeg en geen wysiging verlang nie. Die SAOU word as begunstigde van SAEF ingevolge die diesvlakoorkoms geidentifiseer. Die Diensvlakooreenkoms word elders in die verslag bespreek.

Volgens die ouditeure van SAOU en SAEF baat SAOU soos volg uit die bystand van SAEF vir die boekjaar eindigende 28 Februarie 2017:

Vergoeding van 10 SAEF personeellede (% tyddeling na SAOU) R2 610 000

| | |
|---|---|
| 10 Pensioenarisse se na-aftrede mediese subsidie | R 510 000 |
| Korting op huur | R 500 000 |
| Waarde van gratis ruimte | R 700 000 |
| Korting op huur (Vrystaat) | R 20 000 |
| Kwantum van korting aan lede te TO Strand | R 280 000 |
| Totaal | R 4 620 000 |
| Min Direkte verhalings van bg. | R1 627 494 |
| Netto Waarde | R2 992 506 |
| Rand waarde per lid per maand | R6,74 |

Vraag 33:

*Nuusbrief 9B van SAOU – SAOU kan nie aanspraak maak op geld van SAEF nie?*

*Hoekom nie? Waar kom geld/bates dan vandaan? (Ek het 'n amptelike bewys dat SAOU-opleiding deur SAEF betaal word?)*

Die SAOU en SAEF is aparte regsentiteite. Dit lê in die uitsluitlike diskresie van SAEF, ingevolge sy Konstitusie, om skenkings te maak tov opleiding in die Onderwys.

Vraag 34:

*Ek het baie vrae oor SAEF se 2017 finansiële state en bykans dieselfde vrae oordie 2016 state gevra. Ek gaan egter net 'n paar vra en hoop dat dit*

*beantwoord sal word. Ek hoop dat 2018 se state binnekort beskikbaar sal wees.*

Vraag 35:

*SAEF se 2017 state op bl 3 is ook nie gedateer nie? Wat van die internasionale standaarde waaraan geouditeerde state moet voldoen?*

Die ouditeur het verduidelik, dat die Raadslede wel die finale state geteken het..

Vraag 36:

*Punt 4 bl 16 2017 state: TO en FINSA 100% "subsidiary" van SAEF. Die SAOU se regsman , Mnr. Louw Erasmus het dit baie duidelik gestel tydens die spesiale inligtingsvergadering wat op 14 Maart by die SAOU gehou is dat die SAOU, FINSA en SAEF endie TO-Strand los entiteite is, maar duidelik is dit nie die waarheid nie. Of het mnr. Erasmus dalk nie al die inligting tot sy beskikking gehad nie of nie die verband verstaan nie?*

SAOU, FINSA, SAEF en TOOM (TO-Strand) is losstaande regsentiteite.

"Subsidiary" word vertaal as 'n filiaalmaatskappy. Om 'n filiaalmaatskappy te wees, moet daar 'n houermaatskappy wees wat die meerderheid van die aandele in die filiaalmaatskappy hou. Daar is nie so 'n houer-maatskappy nie want SAEF ('n gemeenregtelike stigting) hou al die aandele in FINSA en TOOM.

Regstegnies bestaan die TO nie meer nie. Die SAOU is 'n gemeenregtelike vereniging van lede. Die vereniging het uit die aard van die saak nie aandele nie.

SAEF is ‘n gemeenregtelike Stigting.  Die stelling dat TOOM en FINSA 100% “subsidiaries” van SAEF is, is regtens verkeerd omdat SAEF nie ‘n maatskappy is nie.  Mnr. Erasmus het dus nie foutiewe inligting verstrek nie.

Die ouditeur verduidelik dat vir ouditdoeleindes, hulle rigtingswysers toelaat dat na ‘n entiteit wat deur ‘n ander entiteit beheer word, ongeag daarvan dat die beherende entiteit nie ‘n maatskappy is nie, as ‘n filiaal verwys kan word. Hy bevestig dat die betrokke entiteite afsonderlike regspersone is.

Vraag 37:

*Punt 5 bl 17 2017 state: Unsecured loans, no interest. No fixed term of repayment? Wie besluit op hierdie praktyk wat beslis nie standaard in finansiële bestuur is nie? Op hierdie wyse verloor SAOU/SAEF baie (duisende rande) aan rente op bykans R50 miljoen.*

Dit is die FINSA en TOOM lenings vanaf SAEF.

Dit raak hoegenaamd nie die fondse van SAOU nie.

Vraag 38:

*Punt 5 bl 18 2017 state Impairment of loans to group companies? R18 miljoen afgeskryf? Hoekom? Is dit permanent afgeskryf?  Wie besluit wanneer en waar dat miljoene afgeskryf kan word*

Volgens die ouditeure is dit ‘n rekenkundige voorsiening, in pas met International Reporting Standards for Small and Medium Enterprizes. Dit is nie permanent of tydelik afgeskryf nie.

Vraag 39:

*Punt 10 bl19 2017: Aftree voordele? Watter 10 werknemers kry pensioen vanaf SAEF? Kry hierdie voormalige werknemers ook staatspensioene? Hoekom is hierdie diens nie uitgekontrakteer dat SAEF nie die risiko hoef te dra nie?*

Die SAEF betaal geen pensioen aan enige persoon nie. Die 10 werknemers waarna verwys word is in werklikheid voormalige werknemers van die TO/SAOU wat eintlik die verantwoordelikheid van SAOU moes gewees het. SAEF het die verantwoordelikheid oorgeneem ten einde die finansiële las op SAOU te verlig. Voormelde oudwerkers behoort almal aan 'n privaat pensioenfondsbedeling en volgens die diensvoorwaardes wat vir hulle by die TO/SAOU gegeld het, bestaan daar 'n kontraktuele verpligting om hulle of hulle weduwees se lidmaatskap van 'n mediese fonds te subsideer. Die name van 4 mans en 6 dames is verstrek.

Vraag 40: *Benefits paid R579 958? Aan wie, waarvoor?*

*Punt 10 bl 19 (2017*

Dit is die somtotaal van die bydrae tot die mediese fonds van die oud werkers wat ter sprake gekom het by die beantwoording van vraag 39.

Vraag 41:

*Punt13 bl.20 (2017): Revenue? Wie lewer watter dienste aan wie vir R2 miljoen? Waarvoor is die salarisse dan?*

Die inkomste word verteenwoordig deur die volgende:

Admin vergoeding en bestuursdienste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017:

1 Aflewer en ander dienste R90 290.04

Van die bedrag is R87 565.32 van SAOU verhaal en R2724.72 van FINSA. Dit verteenwoordig die werknemerskoste oor die jaar nadat dit maandeliks toegedeel is.

2 Skakelbord dienste R343 115.52

Van die bedrag is R280 730.88 van SAOU verhaal, R23 394.24 van FINSA en R38990.40 van SACAI. Ook werknemerskoste.

3 Bestuursdienste R1 397 654.74

Van die bedrag is R1 001 744.40 van SAOU verhaal, R48 714.00 van die Kaaplandse Onderwystrust, R126 267.72 vanFINSA, R182 335.48 van TOOM en R38 593.14 van SACAI. Ook werknemerskoste.

4 Motor uitgawes R90 840.84

Die hele bedrag is van SAOU verhaal omdat SAOU die gebruik van die voertuie gehad het.

5 Kontant fokus R37 079.44

Van die bedrag is R37 880.75 van SAOU verhaal en R10 198.68 van SACAI.

6 ‘n Bedrag van R200 000.00 is van SAOU verhaal ten opsigte van ‘n pensioenvoordeel.

Die salarisse verteenwoordig alle werknemerskoste van individue in SAEF se diens.. ‘n Gedeelte van die koste word toegedeel aan die onderskeie entiteite op ‘n pro rata , voorafbepaalde toedelingsgrondslag.

Vraag 42:

*Punt 14 bl 20 (2017: Recoveries van R12 miljoen? Niks word in die beleid of finansiële state verklaar nie? Geen verduideliking word gegee nie.*

Die samestelling word in Nota 22 van die finansiële state uiteengesit. Die koste is aangegaan deur SAEF en op 'n koste grondslag weer verhaal van die betrokke entiteit waarmee dit verband hou.

Vraag 43:

*Bl23 punt 22 verwys: Wie se eiendom is die motors, rekenaars ens en wie mag dit gebruik? Kostes gelys blyk baie hoog te wees? Hoeveel motors en rekenaars is ter sprake* ? *Telefone? Is dit slegs vir SAEF gebruik?*

Beide SAOU en SAEF beskik oor bates. Die besonderhede is vervat in bateregisters

Vraag 44:

*Punt 15 bl 20 (2017): R5 017 322 Werknemerskostes? IAS24 vereis openbaarmaking (disclosure) en dit moet apart in die state aangedui word? Wie ontvang hierdie gelde en wat is hul pligstate?*

IAS 24 is nie van toepassing waar International Reporting Standards for Small and Medium Enterprizes toegepas word nie.

Vraag 45:

*Punt 19 bl 21 (2017): Waarom is daar dubbel ouditfooie betaal. 'n Ouditfooi van R164 250 blyk buitensporig te wees.*

Die ouditfooi is nie dubbeld betaal nie.  Ouditfooie word verantwoord vir sover dit gefaktureer is binne die finansiële jaar.  Uit die aard van die tydsberekening van ouditwerk en die fakturering daarvan sal dit soms lei tot ‘n wisseling wat abnormaal voorkom.  Die werklike ouditfooie vir die 2016 finansiële jaar, beloop R81 250.00 en die van die 2017 finansiële jaar beloop R83 000.00.

Vraag 46:

*Uit die state lyk dit asof die bedryfsuitgawes van die SAOU  buitensporig hoog is, terwyl SAEF dieselfde uitgawes het.  Hoekom?*

SAOU se antwoord is dat dit moeilik is, sonder ‘n duidelike maatstaf, om te bepaal wat buitensporig is.

Die ouditeur: Soos genoem in die antwoord by vraag 42, word administratiewe dienste betaal deur SAEF namens- en verhaal van die ander entiteite. Die uitgawes moet dus in die lig van die verhalings gelys in nota 22 van die finansiële state gesien word.  Dit blyk dan dat die uitgawes nie buitensporig is nie.

Vraag 47:

*SAEF se kantore is gebou (Garsfontein) met die ou TO-gelde, maar nou word dit aan SAOU verhuur?  Lede betaal dus weer hiervoor. Hoekom?*

Die realiteit is dat die bates oorgedra is om strategiese redes wat reeds sedert 1990 bestaan.  Die risiko’s op vakbondterrein het nog steeds nie verdwyn nie.  Die TO het op 23 Mei 1992 die besluit geneem tydens ‘n Buitengewone Algemene Vergadering.  ‘n Integrale deel van die samewerkingsooreenkoms is die feit dat daar sedert die 1990’s voorsien is dat die SAOU by SAEF sal huur.

Wat ook in ag geneem moet word, is dat indien die SAOU die gebou moet terugkoop, dit teen hedendaagse realistiese markwaarde moet geskied en dan sal die “verbeurde koste” ook verreken moet word.

Die eiendom behoort aan SAEF en goeie rentmeesterskap vereis dat daar ‘n opbrengs op die belegging moet wees. Of die eiendom nou aan SAOU verhuur word of nie, SAEF verlang ‘n opbrengs. Dit maak tog net finansiële sin dat die SAOU by een van die entiteite binne die SAOU-groep huur en sodoende inkomste vir die entiteit genereer wat dan weer tot voordeel van die onderwysgemeenskap in die breë aangewend kan word.

Die SAOU huur ongeveer 775 vierkante meter kantoorspasie en 10 parkeerplekke onder in die kelder van die gebou by SAEF. Daarbenewens word die gebruik van die Ouditorium, Raadsaal, komiteekamer, kombuis en onthaalgeriewe as deel van die huurkontrak gratis ingesluit. Dit beloop ‘n verdere bykans 452 vierkante meter

Onlangse navrae oor markverwante huur in dieselfde geografiese gebied as die huidige tuiste van die SAOU, dui daarop dat R170.00 (BTW uitgesluit) per vierkante meter vir kantoorspasie en R200 per parkeerplek per maand ‘n markverwante huur sou beloop. Die huidige huurtarief beloop R122 per vierkante meter. In totaal dus rondom R134 000 per maand, BTW uitgesluit. Let daarop dat daar in hierdie navorsing geen voorsiening gemaak word vir die koste/huur van ‘n Ouditorium ens. (452 vierkante meter) nie

Daar is dus ‘n beduidende voordeel vir die SAOU en sy lede om steeds met die uiters voordelige huurkontrak met SAEF voort te gaan.

Vraag 48:

*Wie besluit waar en wanneer oor die persentasie verdeling van lede se ledegeld na die provinsies en nasionale bestuur? Waarom gaan die grootste deel na die nasionale bestuur?*

Die SAOU is ‘n unitêre vakbond Die begrotingsproses is ‘n omvattende proses wat jaarliks reeds gedurende Oktober/November ‘n aanvang neem. Die proses is soos volg:

1. Elke provinsie en elke afdeling word volledig gekonsulteer.
2. Die rekenmeesters verfyn en bespreek onderling elke begroting met mekaar.
3. Die begrotings word voorgelê aan die Interne Oudit en Risikokomitee.
4. Die Finansiële Advieskomitee van die SAOU oorweeg dit en berei ‘n aanbeveling aan die Nasionale Dagbestuur voor.
5. Die Nasionale Dagbestuur oorweeg en keur goed
6. Finale stap: Die Nasionale Uitvoerende Raad keur dit finaal goed
7. Nota. Bogemelde stappe kan tov die 2018/19 begroting gekontroleer word.

Wat die vraesteller ook nie in ag neem nie, is dat slegs die groter provinsies (Gauteng/Wes-Kaap/Vrystaat) op surplusse kan werk as gevolg van ekonomieë van skaal. Die kleiner provinsies stuur jaarliks tydens die begrotingsprosesse op tekorte af. Die onderskeie ledetalle in die provinsies is soos volg:

| | |
|---|---|
| Gauteng | 10 442 |
| KZN | 1 603 |
| Limpopo | 1 353 |

| | |
|---|---|
| Mpumalanga | 3 047 |
| Noord-Kaap | 1 956 |
| Noordwes | 2 956 |
| Vrystaat | 5 484 |
| Oos-Kaap | 3 511 |
| Wes-Kaap | 6 079 |
| Departementele poste | 241 |
| Totaal | 36 672 |

Die ouditeure voeg by dat in die interne bestuursbegrotings daar ‘n verdeling vir bestuursinligtingsdoeleindes is maar in die finansiële state word inkomstes en uitgawes globaal verantwoord.

Vraag 49:

*Word enige van die SAOU-lede se maandelikse ledegeld aan SAEF oorbetaal? Indien wel, hoekom?*

Nee. SAEF beskik oor sy eie fondse en het geen aanspraak op enige fondse van die SAOU nie behalwe vir die ooreengekome Adminvergoeding.

Vraag 50:

*Waar kom die geld (miljoene) vandaan wat rentevry aan FINSA en TOOM geleen word?*

TO-Strand se aandeelhouerslening spruit voort uit die 1980s en vroeë 1990s toe die voormalige TO die oord grootliks gesubsidieer het. Die opgehoopte verlies het op ‘n stadium tot soveel as R30 miljoen beloop.

Die ouditeur verduidelik dat FINSA se bedryfskapitaal grootliks van SAEF ontvang is. Tans maak FINSA geringe winste en is daar nie in die afgelope jare rentevrye lenings voorsien nie.

Vraag 51:

*Waarom sit nie-winsgewende entiteite met bates ter waarde van miljoene rande?*

Daar is aanvaar dat die die vraag op SAEF betrekking het en die antwoord lê opgesluit in die oorspronklike TO besluit van 23 Mei 1992, die skep van die 'n stigting en die oordrag van die bates na SAOS(1) en SAOS(2) en SAEF.

Vraag 52:

*Kom hierdie entiteite hul belastingverpligtinge na? Is daar bewyse hiervan vir lede beskikbaar? Waar?*

Die entiteite kom al hulle verpligtinge na.  Die verskillende state word jaarliks ge-ouditeer en alle statutêre verpligtinge word nagekom.

Vraag 53:

*Word alle byvoordele aan direkteure en ander belanghebbendes aan SARS verklaar? Is bewyse beskikbaar?*

Die antwoord is "Ja".  Die ouditeure adviseer die belanghebbendes en die advies word gevolg. Dit is te verstane dat SAOU lede geinteresseerd is in die byvoordele wat aan ampsdraers betaal is, maar die navraag oor die privaat verhouding tussen werknemers en SAID is moeilik om te begryp.

Vraag 54:

*SAEF se belastingbetalings tov direkteure trusts en beleggings moet asseblief verklaar word aan lede/besture.*

Die bestuur van SAEF beskou hierdie navrae deur SAOU lede, wat regtens geen belang het by die werksaamhede van SAEF nie, as 'n inbreukmaking op die privaat sake van SAEF en die betrokke individue. Dit word vir rekord doeleindes gestel dat die verpligtinge tov SAID soos deur die ouditeure bepaal, nagekom word.

Vraag 55:

*Waarom word daar nie meer teruggeploeg in die lede nie? Lede betaal vir elke opleidingsgeleentheid.*

Daar word deurgaans gepoog om opleidingsgeleenthede op 'n gelyk-breek basis aan te bied. Dit is wel waar dat elke provinsie 'n batige opleidingsaldo opbou, maar die formele opdrag van die Nasionale Dagbestuur aan die onderskeie Provinsiale Uitvoerende Rade is om sodanige saldo's aan te wend om opleiding in die provinsie te subsidieer en ook om spesifiek die vraagstuk van skole wat finansiëel sukkel by te staan. Die terugvoering is dat elke provinsie hulle eie planne in die verband implementeer. Die onderskeie provinsiale opleidingsaldos is soos volg:

| | |
|---|---|
| Gauteng | R351 073 |
| KZN | R111 557 |
| Limpopo | R 68 302 |
| Mpumalanga | R366 982 |

| | |
|---|---|
| Noord-Kaap | R 27 267 |
| Noordwes | R213 096 |
| Oos-Kaap | R284 411 |
| Vrystaat | R369 372 |
| Wes-Kaap | R122 477 |

Vraag 56:

*Waarom maak geleenthede soos die hoofdekongres duisende rande wins, terwyl talle skole dit nie kan bekostig om afgevaardigdes te stuur nie?*

Dit is nie ‘n kongres nie, maar ‘n vrywillige simposium, wat reeds die afgelope 23 jaar aangebied word. Daar kan dus nie gepraat word van afgevaardigdes nie.

Die hoofdesimposium se koste moet vergelyk word met die ander entiteit in Suid Afrika wat ook ‘n hoofdesimposium aanbied, nl. SAPA (SA Principals’ Association). Die koste vir die SAOU se registrasiegeld vir 2018 beloop R1 700. SAPA se koste beloop soos volg:

- Early Bird R5 500
- Gewone fooi R6 000
- Laat betaling (Maand voor Simposium) R8 000

Die 2018 begroting soos op 28 Mei 2018 se beplanningskomitee bespreek sien soos volg daaruit:

- Inkomste R2,873 m

- Uitgawes R2,711 m
- Surplus R162 104 (5,6%)

Indien die hoofdesimposium gratis aangebied word, sal dit slegs vir die huidige finansiêle jaar ‘n addisionele R6.11 per lid per maand impliseer.

Die vraag word gevra of dit billik is teenoor die 36 000 ander lede om die 920 hoofde te help betaal.

Vraag 57:

*Waarom word die begroting en finansiële state van kongresse ens nie aan besture/lede beskikbaar gestel nie?*

Alle state word aan die onderskeie konstitusionele besture van die SAOU beskikbaar gestel. Die SAOU beoog om op dieselfde wyse as wat genoteerde maatskappye dit doen ook sy state in opsommende formaat aan lede te kommunikeer.

Die ouditeurs, Norfer, reageer deur te verduidelik dat begrotings vir kongresse en opleidingsgeleenthede vir bestuursdoeleindes opgestel word. Daar word nie finansiële state vir kongresse opgestel nie omrede ‘n kongres nie ‘n entiteit is waarvoor finansiële state opgestel moet word nie. Die finansiële resultate van opleidingsgeleenthede word per provinsie verantwoord in die rekenkundige rekords en dan in geheel verantwoord in die finansiële state van die SAOU.

Vraag 58:

*Waarom word lede/groepe ontmoedig en selfs afgeraai/gekeer om van sekere borge gebruik te maak?*

Dit word ontken dat daar ‘n amptelike proses was waarby lede afgeraai is om van besondere leweransiers gebruik te maak.

Vraag 59:

*Op wiese voorstel is Regter Hartzenberg aanbeveel? Geen lede is genader om voorstelle in te dien nie?*

Die Dagbestuur van die SAOU sowel as die Bestuurskomitee van SAEF het in terme van hulle fidusiêre verantwoordelikhede besluit om die gerugte van onreëlmatighede wat versprei word die nek in te slaan en het my genader om die ondersoek te doen.

As demokratiese verkose leiers wat die SAOU lede verteenwoordig, het die Dagbestuur hulle fidusiêre verantwoordelikheid nagekom. Daar is geen dwingende rede waarom die lede geraadpleeg moes word met betrekking tot sodanige aanstelling nie.

Vraag 60:

*Wie beman en antwoord die ondersoek e-pos? Is dit nie onprofessioneel om e-posse te beantwoord sonder om jouself te identifiseer nie? Wat steek ons weg? Na die tweede versoek wou die skrywer hom/haarself steeds nie identifideer nie.*

Die e-pos adres ondersoek.saou@yahoo is uitsluitlik geskep vir die ontvangs van klagtes wat verband hou met hierdie ondersoek. Mnr. Erasmus monitor die adres. ( Hy het ‘n amptelike ontvangserkenning op sy briefhoof aan mev. Du Toit gestuur. Ter bewys daarvan het hy ‘n afdruk van ‘n e-pos wat afgestuur is op 25 Mei 2018 om 13:22:01 na mev. Du Toit se e-pos adres,

onder die hoof: "Ontvangs erkenning van e-pos gerig aan Regter Hartzenberg", aangeheg. Die afsender is Louw Erasmus van Erasmus Ingelyf.)

Vraag 61:

*Dit was onvanpas dat die SAOU/Mnr. Kloppper, 'n interim beskermingsbevel teen mnr. Pashut wou bekom namens himself en die SAOU lede, sonder om die lede in die saak te ken –gelukkig is dit darem verander. Waarom het die SAOU se regsafdeling nie hier leiding verskaf nie.*

Die SAOU is aangeraai om aangesien mr. Pashut nie 'n lid van SAOU is nie en geen persoonlike belang by die finansiële sake van die SAOU het nie maar nogtans van die skoolhoofde inspireer om met 'n veldtog voort te gaan om die SAOU en mnr. Klopper in 'n slegte lig te stel, die aansoek te loods. Verdere bewerings van onvanpaste optrede van 'n baie ernsige aard,deur mnr. Pashut, is gemaak maar omdat ek aangedui het dat dit onnodig is om dit te ondersoek aangesien dit slegs maar vir my nodig is om na te gaan of daar wanbestuur in die sake van die SAOU is, gaan ek dit nie uiteensit nie.

(Wat wel relevant is, aangesien die vraag gevra is, is die feit dat op 25 September 2018 'n voorlopige bevel wat mnr. Pashut belet om mnr. Klopper te teister met lasterlike bewerings, in die Landdroshof te Pretoria bekragtig is.)

Vraag 62 het uitsluitlik te maak met beweerde onvanpaste optrede deur mnr. Pashut. Dit raak nie die vraag of die SAOU sake wanbestuur word nie.

## 9. VASTE BATES:

Ek het ‘n Aktessoek laat doen tov die eiendomme wat in die name van SAEF en SAOU geregistreer is. Ek het so ‘n verslag ontvang. Die Aktevervaardiger is van die Prokureursfirma Boshoff en die verslag is gedateer 29 Augustus 2018.

Dit blyk dat daar 2 eiendomme geregistreer is in die naam van SAEF nl.:

1. Gedeelte 1 van Erf 535 Bloemfontein,
   Groot 1115,0000 vierkante meter
   Gehou kragtens Akte van Transport 12226/2014.
   Geen verbande
   (Dit is die Bloemfonteinse kantoor van die SAOU)
2. Gedeelte 5 van Erf 1670 Garsfontein, Uitbreiding 8 Registrasie Afdeling JR Provinsie van Gauteng
   Groot 7785,0000 vierkante meter, gehou kragtens Akte van Transport T125947/2005
   Geen verbande
   (Dit is die SAOU gebou wat gedeeltelik deur SAEF aan SAOU verhuur word)

Die volgende eiendomme is geregistreer in die naam van SAOU:

1 Erf 549 Kimberley in die Sol Plaatje Munisipaliteit, Provinsie Noordkaap
  Groot 782,0000 vierkante meter
  Gehou kragtens Akte van Transport T7/2018
  Geen verbande

2 Erf 2716 Bellville in die Stad Kaapstad, Afdeling Kaap Provinsie van die WesKaap
  Groot 732,0000 vierkante meter

Gehou kragtens Akte van Transport T48646/2017

Geen verband

Daar is drie eiendomme geregistreer in die naam van die T O Onderlinge Maatskappy (Edms) Bpk/ Registrasie 2005/027269/07

1 Restant van Erf 1299 Leisure Bay in die Hibiscus Coast Munisipaliteit, Provinsie Kwazulu Natal

Groot 20,2512 hektaar

Gehou kragtens Akte van Transport T 14741/1964

Geen verband

2 Erf 750 Leisure Bay Uitbreiding 1 in die Hibiscus Coast Munisipaliteit, Provinsie Kwazulu Natal

Groot 493,0000 vierkante meter

Gehou kragtens Akte van Transport T5296/1969

Geen verband

3 0,125ste onverdeelde aandeel in Eenheid 52 Ilala Cabanas ss18/99

Groot 81 vierkante meter

Gehou kragtens Sertifikaat van geregistreerde Deeltitel ST 18/1990(52)

Geen verband

Daar is vyf eiendomme in Glentana in die Wes-Kaap, nl. erwe 407, 425, 431, 449 en 464 geregistreer in die naam van SAOU. Die registrasie van al vyf erwe het plaasgevind gedurende 1988. Dit het niks te doen met hierdie ondersoek nie aangesien dit inskakel by die huidige Wes-Kaap Provinsie en oorgedra is in die naam van diese voorganger.

Dit blyk egter dat die Kaapland Onhderwys Trust ‘n aanbod van SAOU ontvang het vir die aankoop van Gedeelte 4 van die Cotswold Office Park teen ‘n bedrag

van R1,1 miljoen plus BTW. Ek aanvaar dat dit kantoorruimte is vir die Port Elizabeth se afdeling van die Wes-Kaap.

## 10. VERKRYGING VAN BATES:

Ingevolge die bepalings van SA Skolewet, No.84 van 1996 is dit in sekere omstandighede nodig vir beheerrade om toestemming van of die Departementshoof van die Departement van Onderwys, ingevolge artikel 21 daarvan, of soms van die LUR van die provinsie, ingevolge Artikel 36 daarvan, te verkry vir die aangaan van 'n kredietooreenkoms vir die verkryging van bates soos bv. 'n voertuig of toerusting vir 'n skool. In die praktyk is dit baie moeilik, indien nie onmoontlik, om 'n reaksie op 'n versoek om toestemming te kry.

In die praktyk het FINSA huurooreenkomste vir 'n sestig maande periode aangegaan met 'n opsie aan die huurder (die skool) om die bate te koop teen 'n nominale bedrag na betaling van die laaste maandelikse paaiement. Daar was baie onsekerheid oor die geldigheid van sulke ooreenkomste. Gedurende Mei 2017 het die SAOU 'n opinie in hierdie verband ingewin van 'n prokureur van Kaapstad, mnr. John MacRobert. Hy is vir 'n verdere opinie genader gedurende April 2018. Gedurende Augustus 2018 is nog 'n mening bekom van Adv. F C Erasmus SC. Dit bly 'n netelige saak. Indien 'n hof sou bevind dat wat voorgehou is as 'n huurooreenkoms inderdaad 'n kredietooreenkoms is kan 'n skool groot skade ly.

Intussen het dit nou al by verskeie geleenthede gebeur dat skoolhoofde departementeel aangekla is omdat hulle die skool se finansies wanbestuur het en dat gelde wat sonder die nodige toestemming spandeer is van die

skoolhoofde persoonlik teruggeëis is. Sommige van hierdie gevalle het eintlik net behels dat die nodige kwitansies nie verkry en geliasseer is nie. Dit is dus van belang dat skoolhoofde baie versigtig te werk moet gaan wanneer sulke transaksies aangegaan word en sorg moet dra dat elke stap behoorlik gedokumenteer is.

Wat hierdie aspek aanbetref het dit onder my aandag gekom dat gedurende Junie 2018 die Laerskool Breyten 'n klag teen FINSA gelê het in verband met die finansiering van twee skoolbusse. Die klagte was dat FINSA verkeerdelik rente van 18.2% gehef het. FINSA se verduideliking was dat dit 'n huurooreenkoms was waar die risiko vir die verhuurder baie groter is as in die geval van 'n kredietooreenkoms. Dis hoof van die skool en die hoof van die beheerraad het albei aan die President van die SAOU aangedui dat hulle tevrede is met die verduideliking en dat hulle die saak as afgehandel beskou.

## 11. <u>SAMEVATTING:</u>

Hierdie ondersoek het sy ontstaan te danke aan bewerings van ernstige finansiële wanbestuur by die SAOU en die SAEF. Die oorsprong van die suspisies is mnr. Pashut. Die suspisie is dat SAOU lede se ledegeld by wyse van 'n ompad by SAEF uitkom en nie aangewend word vir die doel waarvoor dit betaal is nie. Soos blyk uit die vrae wat aan my gerig is, wil dit lyk asof SAOU lede onder die indruk is dat dat SAEF deel is van SAOU en dat SAOU lede kan aanspraak maak daarop om betrokke te wees by die bestuur van SAEF.

Dit is hoegenaamd nie die posisie nie.

1. SAEF is die opvolger van SAOS (2). SAOS(2) is op sy beurt die opvolger van SAOS(1). Die bates waaroor SAEF beskik is, behalwe vir

die gebou in Bloemfontein wat gedurende 2014 na SAEF oorgedra is, afkomstig van die TO. Dit is die geografiese gebied wat tans deur slegs vier van die 9 provinsies beslaan word nl. Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes. Dit is eenvoudig onhoudbaar vir lede van die ander provinsies soos bv. Wes-Kaap wat self 'n bate soos die Kaap Onderwys Trust het, om te dink dat daar enige nexus tussen hulle en SAEF is.

2. Die TO het op 23 Mei 1992 in Pretoria besluit om die bates oor te dra na 'n stigting om dit te verskans teen moontlike oorname daarvan in die toekoms deur 'n vakbond waarby die opvolger van die TO dalk verplig sou wees om aan te sluit. Die idee was juis dat lede nie in staat moes wees om aanspraak te maak op die bates nie.
3. SAOS(1) is gestig en lede van die stigting was outomaties ampsdraers van die TO. Dieselfde model is gebruik by die stigting van SAOS(2) toe, anders as vantevore, vier provinsies bedien is.
4. Toe SAEF gestig is is daar spesifiek gevolg gee aan die besluit om die bates te verskans teen oorname deurdat die stigterslede nie outomaties vanweë 'n verkose posisie lede geword het nie. Die lede van die stigting het los gestaan van die SAOU bestuur en kon hulle opvolgers aanwys. Dit het van die SAEF 'n geheel-en-al onafhanklike entiteit gemaak wat kon maak wat hy wil solank as wat dit in ooreenstemming was met die doel waarvoor die entiteit geskep is nl. om die onderwys in der brede te bevorder.

Dit beteken dat SAOU lede geen belang het by die bestuur en administrasie van SAEF nie, behalwe miskien in soverre as wat SAEF verkeerdelik ledegeld kan inpalm en teen die belange van lede vir eie gewin of ongemagtig aanwend. Dit is waarom ek eers mnr. Strydom en later mnr. van Heerden laat aanstel het

om vas te stel of ledegeld anders as vir die doeleindes van die SAOU gebruik word. Vanweë die samewerkingsooreenkoms behels dit dat die state van beide SAOU en SAEF nagegaan moet word om die vloei van fondse te volg. Omdat FINSA en TOOM geheel en al aan SAEF behoort, omdat SAEF al die aandele in die twee maatskappye hou, is dit irrelevant vir SAOU lede hoe die twee maatskappye bestuur word. Ek het nogtans ooreengekom met mnre. Strydom en van Heerden om ook die state van die twee maatskappye vir die laaste twee jaar te ondersoek vir ongerymdhede.

Indien dit sou blyk dat SAEF nie enige ledegeld van SAOU lede bekom het nie anders as in ooreenstemming met die samewerkingsooreenkoms dan is die vrese eintlik besweer. Daar is egter die kwessie van die vergoedingspakkette van die HUB en die President en ek het gevolglik ook aan mnre. Strydom en van Heerden opdrag gegee om dit na te gaan en uiteen te sit.

Mnr. Klopper is gedurende 1987 aangestel as 'n assistant-sekretaris in die TO. Gedurende Maart 2001 is hy oorgeplaas na SAOS. Sy verpligtinge het nie verander nie behalwe dat hy dit toe gedoen het in sy hoedanigheid as werknemer van SAOS. Hy is gedurende 2008, op kontrakbasis, aangestel as HUB van die SAOU en sy pakket is toe vasgestel. Daar is spesifiek bepaal dat hy steeds sekere funksies vir SAEF sou verrig en daarvoor vergoed sou word en dat SAOU nie daarteen beswaar het nie. Dr. Davies was toe die die Uitvoerende Bestuurder van SAEF wat in daardie hoedanigheid vir sy dienste vergoed is. Daar was dus twee pakette vir die twee hoof uitvoerende beamptes. Die kwessie van twee pakette, een van elke werkgewer was histories van aard. Dit was om die koste van die HUB tussen die twee werkgewers te verdeel.

Mnr. Klopper is op 21 Februarie 2013 permanent aangestel as Uitvoerende Bestuurder van SAEF toe Dr. Davies bedank het uit daardie pos. Hy (mnr. Klopper) het steeds vir beide instansies gewerk. Sy vergoedingspakket vir daardie pos het toe verhoog na die van die Uitvoerende Bestuurder. Volgens my inligting het die bestuur hulle laat lei deur die ouditeur wat op sy beurt ge-adviseer is deur Bestuurskonsultante, P E Corporate Services (Pty) Ltd. Die resultaat was dat hy inderdaad vergoed is vir albei poste. Daar was niks geheimsinnig aan die wyse waarop sy vergoeding elke jaar bekragtig is nie. Hy het boonop ook gedien op Medihelp se direksie en 'n vergoeding van R426 477 daarvoor ontvang. Daar is 'n uitdruklike bepaling in sy ooreenkomste met SAOU en SAEF dat hy 40 uur per week moet werk maar dat dit nie op bepaalde tye hoef te wees nie My inligting is dat dit hom nie enige van die ure wat hy vir die SAOU en SAEF moet werk laat verloor het nie.

Mnr. Klopper is aangestel in sy huidige posisie gedurende 2013 en sy vergoedingspakket was vasgestel. Sy pakket soos al die ander pakkette is elke jaar vir verhogings oorweeg en aangepas. Daar is 'n ooreenkoms tussen hom en SAOU en SAEF. Lg. twee instansies kan nie die pakket eensydig verander nie want dit sou kontrakbreuk daarstel.

Mnr. Klopper se verdienste uit die SAOU/SAEF groep vir die belastingjaar wat geëindig het op 28 Februarie 2018 was R3 651 851, uitgeslote sy motorvoordeel, bestaande uit 'n SAOU pakket van R1 625 203, 'n SAEF pakket van R1 968 914 en winsdeel in TOOM van R57 735. Wat sy vergoeding aanbetref is hy eers as HUB van SAOU aangestel met die uitdruklike bepaling dat hy van sy dienste by SAEF moet voortsit en daarvoor vergoed word. By Dr.Davies se aftrede as Uitvoerende bestuurder van SAEF is hy in daardie pos

aangestel met die uitdruklike voorwaarde dat hy ook die posisie van HUB van SAOU moet bly. Sy vergoeding was geen geheim nie.

Dr. Swanepoel, is steeds in diens van die Departement van Onderwys in Mpumalamga. Hy moet koshuise besoek. Dit word van hom verwag om ‘n gedeelte van ‘n week in Mpumalanga te werk ten spyte daarvan dat hy na die SAOU gesekondeer is. Sy inkomste by die SAOU groep is ‘n bedrag van R612908 en die gebruik van ‘n motor van die SAOU en R66 332 van SAEF. Daar kan geen twyfel bestaan dat die ritte wat hy hy moet maak tussen Mbombela en Pretoria en ook somtyds na die kantore van die nabygeleë provinsiale kantore soos Polokwane, Mahikeng en Bloemfontein in werksverband gemaak word nie.

Die Adjunk Uitvoerende Beampte by beide SAOU en SAEF is dieselfde persoon. Dit is mnr. E Fourie vir ongeveer die laaste vyf jaar. Sy posbenaming by beide SAOU en SAEF is Adjunk Direkteur Administrasie. Hy het egter die ouderdom van 65 bereik en sy aanstelling het geëindig. Hy werk tans tydelik totdat ‘n opvolger aangestel word. Daar is reeds onderhoude gevoer.

Vanweë die samewerkingsooreenkoms tussen SAOU en SAEF het die twee onafhanklike entiteite ‘n werkswyse gevestig wat aan die een kant bevestig dat die lede van die SAOU geen aanspraak het op die bates en bestuur van SAEF nie en dat netso SAEF geen aanspraak het op die inkomste en bates van SAOU nie. Ten spyte daarvan steun SAEF die SAOU om ‘n behoorlike diens te lewer aan sy lede ten einde die gehalte van onderwys in die land so ver as moontlik te bevorder.

Wat die bedenkinge oor die gehalte van diens wat die lede van die SAOU van die vakunie ontvang het ek geen twyfel dat die standaard van die diens van ‘n baie goeie gehalte is, soos blyk uit die verslag van die dienste wat gelewer is, wat aan my voorgelê is. Dit is gespesialiseerde werk waar die persone wat dit lewer ervaring op daardie gebied moet hê. Dit blyk uit die verslag dat die SAOU se dienste toeganklik is vir lede en dat lede gereeld daarvan gebruik maak .

Wat die HUB aanbetref is dit duidelik dat hy nie alleen met die arbeidsaangeleenthede vertroud moet wees en dit moet hanteer nie maar hy ook met die grotere vakbond moet onderhandel. Die pos verg politieke insig mbt. die vakbondwese en die onderwys . Behalwe die vakbondsy moet die persoon baie ervaring hê aangaande die onderwyssy van die werk. Hy moet begrip hê omtrent die behoeftes van opvoeders en leerders oor die hele spektrum van onderrig wat leerders ontvang en moet kan leiding gee wanneer probleme opduik. Hy moet ook na die toekoms kyk en veranderinge en verbeteringe inisieer.

## 12. <u>BEVINDINGS:</u>

1.In soverre as wat SAOU lede aanspraak maak daarop dat die SAOU die bates van SAEF kan beheer en bestuur, of deel kan wees van die beheer en bestuur daarvan, berus dit op ‘n wanopvatting. Dit negeer:

> 1.1 die historiese feit dat op 23 Mei 1992 ‘n besluit geneem is, deur die destydse lede van die TO, dat die bates van die TO oorgedra moet word na ‘n ander entiteit wat los staan van die TO en waaroor die TO geen aanspraak of beheer het nie;

1.2 die feit dat die bates reeds meer as 25 jaar gelede formeel oorgedra is, eers na SAOS(1), daarna na SAOS(2) en uit eindelik na SAEF, en

1.3 die feit dat die betrokke bates slegs die bates was van, wat nou, slegs vier van die nege provinsies is wat deur die huidige SAOU bedien word.

Die feit van die saak is dat die bates behoort aan SAEF en SAOU en elkeen van sy lede het geen aanspraak daarop nie. Die besorgdheid oor die bates is geheel-en-al misplaas. Dit is hierdie misplaaste besorgdheid wat aanleiding gegee het daartoe dat lede glo dat rentevrye lenings aan witbroodjies verleen is, tot hulle nadeel. Dit is ook as gevolg daarvan dat lede glo dat die SAOU gebou hulle eiendom is en dat bedrog gepleeg word as SAOU huur moet betaal vir die gebruik van 'n gedeelte van die gebou.

Die nare werklikheid is dat SAOU nie 'n gebou het waaruit die hoofbestuur hulle werk kan doen nie. Daar is ook nie 'n ouditorium, 'n konferensiesaal of kombuis wat voortdurend deur SAOU gebruik word nie. In werklikheid is SAOU bevoorreg om 'n sagte huurooreenkoms te kan hê met SAEF. Daar kan nie enige nadeel of potensiële nadeel wees vir lede in die wyse waarop die SAOU groep gestruktureer is nie.

2 Die finansiële bestuur en kontrole van die SAOU voldoen aan die statutêre vereistes.[1] Daar is voortdurende kontrole oor die vloei van fondse. Daar 'n hele aantal komitees wat moet toesien dat die geldsake behoorlik hanteer word.

3 Alle state word ge-ouditeer en die SAOU[2] het nog nie enige gekwalifeseerde oudits ontvang nie.

[1] Paragraaf 4 van die Strydom verslag.

[2] Paragraaf 4.5 van die Strydom verslag

4.Lede se gelde word vir SAOU werksaamhede aangewend. R41,5 miljoen is gedurende die 2018 belastingjaar bestee aan respektiewelik, personeelkoste, PSCBC uitgawes, huur, seminaar uitgawes, sekonderingskoste, hoofde simposiumkoste, provinsiale bedryfuitgawes, vergaderingskoste en dagboeke vir lede[3]. Dit toon aan dat die bewering dat SAOU slegs R15 miljoen benodig vir die dienste wat dit aan lede lewer ondeurdag en ongegrond is.

5. Wat die verkiesing van van die leiers van Dagbestuur vorm is die verkiesing van persone in bestuursposisies in SAOU demokraties en kan daar geen suspisie wees oor hulle verkiesing nie. Wat SAEF aanbetref was dit so dat om die stigting totaal onafhanklik te maak, en nie maar bloot 'n verlengstuk van SAOU nie, die SAOU geen beheer sou hê oor die aanstelling van die lede nie. Lede is onder andere verplig om uit te tree by ouderdom 65. So 'n lid kan 'n opvolger benoem en die benoeming voorlê aan die lede 6 maande voor sy uittrede. Wanneer 'n lid nie so 'n benoeming maak nie kan 'n ander lid dit doen. 'n Benoemde persoon word slegs 'n lid na 'n verkiesing deur die meerderheid van die lede van die stigting. Dit is duidelik dat SAOU lede geen belang by so 'n verkiesing het nie.

## 13. AANBEVELINGS:

Alhoewel dit nie deel van my opdrag was om aanbevelings te maak nie meen ek tog dat dit nie kwaad kan doen indien ek 'n aantal aanbevelings maak nie. Die posisie is dat SAEF en SAOU hulleself in 'n soort van 'n buite-egtelike verhouding bevind wat grotendeels op goeder trou aangewese is. Indien lede 'n beter begrip van die verhouding gehad het sou hierdie ondersoek waarskynlik nie nodig gewees het nie. Hier volg nou aanbevelings:

[3] Paragraaf 4.5 van die Strydom verslag

1. Dit sal miskien nie 'n slegte idee wees om na SAEF te verwys as die samewerkingsliggaam nie. Wanneer 'n lid van die stigting aftree om welke rede ookal en 'n lid in sy/haar plek deur 'n meerderheid van lede verkies word, kan dit bloot ter inligting aan lede berig word in 'n nuusbrief of op die webwerf.
2. Die SAOU het aangedui dat dat die unie van voorneme is om kwartaalliks verkorte finansiële verslae van die unie se finansies aan lede beskikbaar te stel. Dit is 'n goeie idee. Dit sal dalk net groter begrip by lede laat ontstaan indien soortgelyke state van die posisie van die samewerkingsliggaam ook beskikbaar gestel word.
3. Wat betref die vergoedingspakket van die HUB, is dit so dat hy vergoed is volgens aanbevelings van PE Corporate Services wat deur ouditeure aanvaar is. Ek is van mening dat 'n tweede opinie nie skadelik kan wees nie. Die name van twee instansies wat sulke ondersoeke doen is bv. 21st Century sustainable remuneration in a changing world (telefoon 011 447 0306 en e-pos info@21century.co.za en Nova Capital Solutions van Craighall Park, Johannesburg. In my oordeel moet die opdrag aan die instansie wees dat die vergoedingspakket vasgestel moet word as een pakket vir 'n besigheid met twee afdelings en dat bepaal moet word welke persentasie van van die pakket deur SAOU betaal moet word en welke en welke persentasie deur SAEF. Indien dit sou dui op 'n vermindering aan vergoeding moet die Uitvoerende Bestuur met die HUB heronderhandel oor die grootte van die pakket, tensy die Arbeidshof die twee instansies gebonde hou aan die status quo. Indien die Adjunk direkteur van beide SAOU en SAEF dieselfde persoon is, behoort 'n soortgelyke oefening gedoen te word.

4. In paragraaf 5.3.7 van sy verslag beveel mnr Strydom aan dat SAOU eerder die telefoon rekening moet betaal aangesien 90% van die gebruik daarvan vir SAOU is, en dat SAEF se gebruik van die telefoon van SAEF verhaal moet word. Ek stem saam.
5. In paragraaf 5.7.3 van sy verslag beveel mnr. Strydom aan dat die HUB en die Adjunk Direkteur van SAEF in beginsel nie geregtig is op raadsgelde en sittingsgelde van bestuurskomiteevergaderings nie. Ek stem saam.
6. In paragraaf 4.5.2.8 en 4.5.2.9 van sy verslag verduidelik mnr. Strydom dat die President van die SAOU nie in aanmerking moet kom vir bonusse nie, omdat hy soms planne van uitvoerende beamptes behoort af te keur indien dit tot nadeel van die unie kan wees. Mnr. Strydom beveel aan dat hy/sy 'n vergoeding behoort te kry wat voldoende is om hom of haar te vergoed vir die eise en verantwoordelikheid wat met die Presidentskap gepaard gaan. Ek stem saam.
7. In paragrawe 6.3.6, 6.3.7 en 6.4 handel mnr. Strydom met winsdeling deur direkteure by TOOM en verpligte gratis vakansies. Hy bevel aan dat die beleid hersien moet word. Ek beveel aan dat aandag hieraan geskenk moet word.
8. In paragraaf 7.3 van sy verslag handel mnr. Strydom met die metode waarop winsdeling by FINSA bereken is en beveel aan dat dit hersien behoort te word. Ek stem saam.

Geteken te Pretoria hierdie .......dag van November 2018

...................................

W J Hartzenberg

**Strydoms** Incorporated Ingelyf

REGISTERED AUDITORS
CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)

GEREGISTREERDE OUDITEURE
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA)

*SPECIALISTS IN:*

- FORENSIC INVESTIGATIONS
- LITIGATION SUPPORT AND ARBITRATION
- BUSINESS VALUATIONS

*DESKUNDIGES IN:*

- FORENSIESE ONDERSOEKE
- LITIGASIE ONDERSTEUNING EN ARBITRASIES
- BESIGHEIDSWAARDASIES

Ground Floor, Block C, Waterkloof Office Park, 469 Julius Jeppe Street, Waterkloof, Pretoria
✉ 35434, Menlo Park, 0102 ☎+27 12 346 0023 +27 86 427 9688 E-Mail: schalk@strydoms.co.za

**PER HAND**

6 November 2018

Sy Edele Regter Willem Hartzenberg

Geagte Regter

**ONDERSOEK RAKENDE DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE**

1. Ons het opdrag van u ontvang om u by te staan met u ondersoek na die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie ("SAOU") en in die besonder om aan u terug te rapporteer oor die volgende:

   i) Of daar in die algemeen finansiële wanbestuur is by die SAOU in die sin dat die koste van die dienste wat die SAOU aan lede bied nie meer as R15m behoort te bedra nie;

   ii) Of enige SAOU ledegelde anders aangewend word as vir die SAOU se voordeel.

2. Soos met u ooreengekom het ons, ons ondersoek toegespits op die 2017 en 2018 finansiële jare. Sekere van die finansiële items se oorsprong dateer baie vêr terug. In hierdie gevalle is ons ondersoek uitgebrei waar moontlik na vorige jare. Soos van u verstaan doen u 'n ondersoek na die SAOU en is die tydperk voor 2006 dus nie relevant nie.

3. Ons verslag word hierby aangeheg, gemerk Aanhangsel A.

Die uwe

**STRYDOMS INGELYF**
Per:

**SCHALK STRYDOM CA (SA)**

AANHANGSEL A

**VERSLAG**
**ONDERSOEK RAKENDE DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE**

INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Afkortings gebruik | 2 |
| 2. | Agtergrond | 3-4 |
| 3. | Opsomming van bevindinge | 4-5 |
| 4. | SAOU | 6-17 |
| 4.1. | Korporatiewe beheer en bestuur | 6-7 |
| 4.2. | Algemene kontrole | 7-8 |
| 4.3. | Finansiële verslagdoening | 8-9 |
| 4.4. | Inkomste | 9 |
| 4.5. | Uitgawes | 9-17 |
| 4.6. | Bates | 17 |
| 5. | SAEF | 18 |
| 5.1. | Agtergrond | 18 |
| 5.2. | Bestuur | 18 |
| 5.3. | Verhouding met SAOU | 19 |
| 5.4. | Inkomste | 19-20 |
| 5.5. | Uitgawes | 20-24 |
| 5.6. | Bates | 24-25 |
| 5.7. | Laste | 26 |
| 6. | TOOM | 26-28 |
| 7. | FINSA | 28-30 |

# 1. Afkortings

| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | AD | Adjunk-direkteur |
| 1.2. | BBK | Bestuurs- en beplanningskomitee |
| 1.3. | DVO | Departement van Onderwys |
| 1.4. | EEA | Employment of Educators Act |
| 1.5. | ETCS | Education Technology Cirriculum Services (Pty) Ltd |
| 1.6. | FAK | Nasionale Finansiële Advieskomitee |
| 1.7. | FINSA | Finansiële Dienste van Suid-Afrika |
| 1.8. | GAAP | South African Statements of Generally Accepted Accounting Practice |
| 1.9. | HUB | Hoof Uitvoerende Beampte |
| 1.10. | IAS | International Audit Standards |
| 1.11. | IFRS | International Financial Reporting Standards |
| 1.12. | IFRS for SME's | International Financial Reporting Standards for Small and Medium sized Entities |
| 1.13. | KOT | Kaaplandse Onderwystrust |
| 1.14. | ND | Nasionale Dagbestuur |
| 1.15. | NOU | Natalse Onderwysunie |
| 1.16. | NPK | Nasionale Professionele komitee |
| 1.17. | NUR | Nasionale Uitvoerende Raad |
| 1.18. | OVSOV | Oranje Vrystaat Onderwysersvereniging |
| 1.19. | PAM | Personnel Administrative Measures |
| 1.20. | PEC | PE Corporate Services SA (Pty) Ltd |
| 1.21. | POD | Professionele Ondersteuningsdienste |
| 1.22. | QMT | Queen Mary Trust |
| 1.23. | PSCBC | Public Servants Co-ordinating Bargaining Council |
| 1.24. | SACAI | South African Comprehensive Assessment Institute |
| 1.25. | SAEF | The South African Education Foundation |
| 1.26. | SAOM | Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsmakelaars (Edms) Bpk. |
| 1.27. | SAOS | Die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstigting |
| 1.28. | SAOU | Suid-Afrikaanse Onderwysersunie |
| 1.29. | SASOO | Suid-Afrikaanse Stigting vir Onderwys en Opleiding |
| 1.30. | SSAM | SAOU Strandoord Aandeleblok Maatskappy Bpk. |
| 1.31. | TO | Transvaalse Onderwysersvereniging |
| 1.32. | TOOM | TO Onderlinge Maatskappy (Edms) Bpk. |
| 1.33. | VVV | Voltydse vakbondverteenwoordiger |
| 1.34. | WOA | Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet nommer 66 van 1995. |

## 2. Agtergrond

2.1. Die SAOU is 'n vakunie vir onderwysers en het huidiglik 'n nasionale ledetal in die orde van 37.000 lede.

2.2. Die vakunie is opgerig in terme van 'n konstitusie soos voorsiening voor gemaak in die WOA. SAOU se konstitusie[1] bepaal dat die vakunie beheer word deur die Nasionale Uitvoerende Raad, wat uit die vakunie se lede verkies word.

2.3. Die konstitusie maak dit duidelik dat die vakunie primêr moet handel tot voordeel van sy lede. Die doelwitte soos vervat in klousule 3.2 strek wyer en sluit byvoorbeeld die volgende in:

- die bevordering van moedertaal onderrig.
- die voorkoming van diskriminasie in die onderwys.
- om die onderwysbehoeftes van leerders te bevorder.
- om te strewe na die vestiging en onderhoud van 'n effektiewe verpligte onderwys stelsel.
- om 'n bydrae te lewer tot verantwoordbare ontwikkeling van onderwyswetgewing en beleid.
- om effektiewe provinsiale en nasionale onderwys strukture te bevorder.
- om inligting te versamel en saam te stel en relevante inligting te versprei aan geïnteresseerde partye.

2.4. Die vakunie is 'n afsonderlike regspersoon en 'n organisasie sonder winsbejag.

2.5. Die SAOU het sy werksaamhede begin in 2006 met die samesmelting van die TO, SAOU Kaapland, OVSOV en NOU.

2.6. Ten tyde van die samesmelting was die TO, SAOU Kaapland en NOU se strategiese bates lankal reeds onderskeidelik oorgedra aan SAOS[2], KOT[3] en QMT.

---

[1] - Geregistreer by die Registrateur van Arbeidsverhoudinge op 16 Oktober 2017. Die huidige konstitusie vervang die vorige konstitusies wat gegeld het vanaf die stigting van SAOU. Die oorspronklike registrasie (met ingang van 11 November 1996) sertifikaat is op 23 Januarie 1997 uitgereik deur die Registrateur in terme van artikel 96(7)(a) van die WOA.

[2] - In die geval van die TO is hierdie bates vervat in Aanhangsel "A" tot die samewerkingsooreenkoms gesluit tussen die TO en SAOS op 21 Februarie 1994. Die bates sluit in die kantoorgebou (Gedeelte 5 van Erf 1670, Garsfontein), die 2 eenhede in Illala Cabanas (Erf 1301, Leisure Baai), die aandeelhoudings in SAOM, TOOM en FINSA, die TO-regsfonds, die TO Beurs- en leningsfonds, die TO Ontwikkelingsfonds, die vorderingsregte teen Lizawalt Bpk en/of Bronkhorstbaai Beleggings (Edms) Bpk, Kantoormeublement, Kantoortoerusting, IBM hoofraam rekenaar en die "Word Cruncher" rekenaarprogram.

[3] - In die geval van SAOU Kaapland is die Dwarsbergstrand eiendom aan SSAM oorgedra en die eiendomme blykbaar aan KOT. Die aandele in SSAM word gehou deur KOT.

2.7. Gedurende die tyd van die samesmelting in 2006 het SAEF vir SAOS vervang en is ‘n samewerkingsooreenkoms gesluit tussen SAOU en SAEF[4]. In terme van klousule een is die basis van die samewerkingsooreenkoms die oorspronklike soortgelyke samewerkingsooreenkoms[5] tussen die TO en SAOS wat as basis sal dien vir die beslegting van enige dispute.

2.8. Die 2006 samewerkingsooreenkoms behels onder andere die voorsiening deur SAEF aan SAOU van administratiewe infrastruktuur en die lewering van administratiewe en bestuursdienste. Dit bevat ook die onderlinge deel van databasisse tussen die partye.

2.9. Vir doeleindes van ons ondersoek het ons aanvaar dat die destydse oorname deur SAOS van die TO bates, die samewerkingsooreenkoms wat daarna gesluit is tussen SAOS en die TO, die oorname van SAEF van SAOS se regte en verpligtinge en die daaropvolgende samewerkingsooreenkoms wat gesluit is tussen SAOU en SAEF alles regtens in orde en afdwingbaar is.

3. **Opsomming van bevindinge**

3.1. Ons bevindinge en opinies word uiteengesit hierna in die verslag. Die volgende areas is deur ons geïdentifiseer as belangrik genoeg om onder u aandag gebring te word.

3.2. Ons is tevrede dat daar in die algemeen voldoende kontroles en finansiële disipline toegepas word by die SAOU.

3.3. Geen bewyse is gevind van enige bedrieglike transaksies of misbruik van SAOU fondse nie.

3.4. Die stelling dat SAOU se uitgawes nie meer as R15m per jaar behoort te wees nie is glad nie versoenbaar met die realiteit van wat dit kos om ‘n organisasie met 77 personeellede en 5 takkantore te bedryf nie.

3.5. Ons het vasgestel dat jaarlikse prestasiebonusse aan al die personeel van SAOU, sowel as SAEF, SASOO, SACAI en FINSA betaal word en dat dit deur SAOU befonds word. Vir die 2018 finansiële jaar, wat betaal is in Desember 2017 het dit R201.381 beloop. Die gebruik van SAOU fondse om bonusse aan nie-werknemers te betaal is aanvegbaar.

3.6. Dit is ook die gebruik sedert die prestasiebonus stelsel ingestel is dat die President van die SAOU ook ‘n prestasiebonus ontvang gelykstaande aan die gedeelte van die SAOU HUB se prestasiebonus wat op sy SAOU salaris betrekking het. Ons stem nie saam met hierdie praktyk nie en is van mening dat die President ‘n vaste vergoeding moet ontvang wat vooraf bepaal word.

---

[4] - SAEF is op 30 November 2004 gestig deur Dr Davies.
[5] - Ooreenkoms tussen TO en SAOS is geteken op 21 Februarie 1994.

3.7. Daar is ook gevind dat vier persone wat in SAOU se diens is en deur SAOU salarisse betaal word meeste van hulle tyd aan SACAI take spandeer. Die salarisse beloop huidiglik R110.094 per maand. Die ondersteuning van SACAI val onder die doelstelling om moedertaal onderwys te bevorder.

3.8. Ons het bevind dat daar ‘n aantal gevalle was waar SAEF ‘n voordeel getrek het uit ‘n transaksie met SAOU maar dat dit of ‘n eenmalige gebeurtenis was, of nie ‘n wesenlike syfer nie, of dat die kwantum van die voordeel uitgewis word deur ander transaksies tussen SAEF en SAOU wat weer vir SAOU bevoordeel.

3.9. Indien die gunstige huurbedeling wat SAOU geniet by die hoofkantoor en Bloemfontein kantoor wat by SAEF gehuur word en die mediesefonds subsidie wat SAEF aan ou TO lede betaal in ag geneem word blyk dit dat SAOU nie in totaliteit benadeel is nie.

3.10. Ons ondersoek na SAEF self het nie enige bedrieglike transaksies of ongerymdhede uitgewys nie.

3.11. Daar is wel opgemerk dat die SAEF HUB en AD raads- en sittingsgelde verdien vanaf SAEF vir bywoning van vergaderings. Hierdie is na ons mening nie korrek nie aangesien hulle beide in diens van SAEF is.

3.12. SAEF se enigste noemenswaardige aanspreeklikheid is teenoor die pensioenarisse van die destydse TO en SAOS wat op ‘n subsidie van twee derdes van hulle mediesefondsbydraes geregtig is tot en met hulle en hulle gades se afsterwe. Hierdie bedrag beloop huidiglik R44.976 per maand.

3.13. Alhoewel in beginsel ons nie ‘n probleem het met die toekenning van ‘n winsdeel aan werknemers nie, het ons gevind dat in beide TOOM en FINSA die nie-uitvoerende direkteure ook winsdele ontvang het. Na ons mening is hierdie nie ‘n gesonde praktyk nie.

3.14. Ons het ook gevind dat die metode van berekening van die winsdele in TOOM se geval vir 2017 verkeerd gedoen is en ook konseptueel tekort skiet deurdat bate aankope in ag geneem word.

3.15. Die metode van berekening van die FINSA winsdeel is konseptueel verkeerd vir die 2012 tot 2015 jare en heel moontlik ook vir die vroeër jare. Die effek van die formule is dat winste verhoog word met die kapitale gedeelte, wat in die huurbetalings ontvang deur FINSA vanaf huurders ingesluit is. Indien die regstelling hiervoor gemaak word, is daar nie winste beskikbaar om verdeel te word in 2013 en 2015 nie en ‘n baie kleiner bedrag beskikbaar in 2012 en 2014.

4. **SAOU**

4.1. Korporatiewe beheer en bestuur

4.1.1. Die SAOU se konstitusie maak voorsiening vir die volgende beheerstrukture:

4.1.1.1. Nasionaal -
- NUR.
- Dagbestuur.
- Finansiële Advieskomitee.

4.1.1.2. Provinsiaal -
- Provinsiale Uitvoerende Raad.
- Provinsiale Dagbestuur.

4.1.2. Die SAOU word beheer deur sy NUR. Die NUR word saamgestel uit die provinsiale rade. Die aantal verteenwoordigers met stemregte wissel tussen 2 en 3 per provinsiale raad afhangende van die aantal lede in die provinsie. Elke provinsie se Voorsitter en Onder-Voorsitter dien dus op die NUR en in die geval van provinsies met meer as 4.800 lede, nog 'n addisionele verteenwoordiger.

4.1.3. Elke provinsie se sekretaris dien ook *ex officio* op die NUR.

4.1.4. Die Nasionale Dagbestuur word saamgestel uit die nege provinsiale Voorsitters en die Nasionale President. SAOU se Algemene Sekretaris en Assistent Algemene Sekretaris dien ook op die Dagbestuur op 'n *ex officio* basis.

4.1.5. Die Nasionale Dagbestuur vergader agt keer per jaar.

4.1.6. Volgens die SAOU konstitusie moet die Nasionale Finansiële Advieskomitee bestaan uit twee lede genomineer vanuit die geledere van die dagbestuur, twee ge-koöpteerde gekwalifiseerde boekhouers en die Algemene Sekretaris.

4.1.7. Dit blyk uit die notules van SAOU se FAK dat die vergaderings bygewoon word deur die SAOU President, twee lede van die Nasionale Dagbestuur en die HUB, en op uitnodiging die Sekretaris van Mpumalanga, die Adjunk Direkteur en die SAOU rekenmeester[6].

4.1.8. Die Provinsiale Uitvoerende Rade word saamgestel uit die Provinsiale Voorsitter, Onder-Voorsitter en drie lede vanaf elke kring.

[6] - Die konstitusie skryf voor dat twee gekwalifiseerde rekenmeesters dien op die FAK.

4.1.9. Die Provinsiale Dagbesture word saamgestel uit die Provinsiale Voorsitter, Onder-Voorsitter en een verteenwoordiger per kring.

4.1.10. Dit blyk uit ons ondersoek dat die SAOU die beginsels van die King verslag toepas. Die volgende sub-komitees is in plek:

4.1.10.1. Interne Oudit en Risikokomitee.
4.1.10.2. Beleggingskomitee.
4.1.10.3. Menslike Hulpbronkomitee.
4.1.10.4. Strategiese Komitee.
4.1.10.5. Tender- en Verkrygingskomitee.

4.1.11. Op alle vergaderings word voorsiening gemaak vir die verklaring van konflikte van belang.

4.1.12. 'n Geskenkeregister word bygehou. Geen kontant geskenke word toegelaat nie.

4.2. <u>Algemene kontrole</u>

4.2.1. Geskrewe beleide bestaan wat deel met die volgende:

4.2.1.1. Delegasie van gesag.
4.2.1.2. Gebruik van kredietkaarte.
4.2.1.3. Gedragskode.
4.2.1.4. Geskenke.
4.2.1.5. Personeelgriewe ("grievances").
4.2.1.6. Hantering van beleggings.
4.2.1.7. Inligtingstegnologie.
4.2.1.8. Kleinkas en hantering van kontant.
4.2.1.9. Konflik van belange.
4.2.1.10. Korporatiewe Bestuur.
4.2.1.11. Kwalifikasie verbetering.
4.2.1.12. Skakeling met media.
4.2.1.13. Motorvloot en gebruikskode.
4.2.1.14. Personeelbestuur en algemene diensvoorwaardes.
4.2.1.15. Reis en akkommodasie.
4.2.1.16. Verkryging van goedere en dienste.
4.2.1.17. Verlofbedeling.
4.2.1.18. Vulling van poste.

4.2.2. Dit blyk uit ons ondersoek dat SAOU streng korporatiewe dissipline toepas en baie meer doen in die verband as wat voorgeskryf word deur die SAOU konstitusie of deur die WOA.

4.2.3. Streng finansiële en personeel dissipline word toegepas by die SAOU. Enige privaat telefoon oproepe deur personeel gemaak word vanaf hulle verhaal deur SAOU.

4.2.4. Dit blyk uit ons ondersoek dat daar behoorlike finansiële kontroles in plek is en veral in die areas waar die grootste risiko vir misbruik kan wees soos byvoorbeeld die poelvoertuie, kredietkaarte en selfone.

4.2.5. Die volgende gevalle is geïdentifiseer tydens ons ondersoek waar daar nie die beste praktyk gevolg word nie:

4.2.5.1. Die AD van SAEF se gade is ook werksaam by SAOU as assistent-rekenmeester.

4.2.5.2. ‘n Gevolg hiervan is dat betalings deur bogenoemde twee persone goedgekeur word.

4.2.5.3. Dit blyk ook dat die AD se gade geen formele opleiding het in boekhouding nie.

4.2.6. Die AD is destyds deur SAOS gewerf vanuit ‘n bestaande betrekking om die TO Strand oord te bestuur, wat op daardie stadium swak presteer het. As gevolg van die sukses wat die AD behaal het met die omdraai van die TO Strand oord is hy eventueel bevorder en verplaas na die nasionale hoofkantoor in Pretoria. Dit blyk dat die pos vir sy gade aangebied is by SAOU as gevolg van ‘n morele verpligting.

4.3. <u>Finansiële verslagdoening</u>

4.3.1. Die WOA vereis in terme van artikel 98 dat elke vakbond rekeningkundige rekords moet hou van sy inkomstes, uitgawes, bates en laste volgens die maatstawwe en standaarde van algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk, beginsels en prosedures en dat dit binne ses maande na jaareinde ‘n staat van inkomste en uitgawes en ‘n balanstaat wat sy bates, laste en finansiële posisie aantoon soos aan die einde van sy vorige boekjaar moet opstel, welke rekords en finansiële state jaarliks geoudit moet word.

4.3.2. Streng tegnies hoef die SAOU dus nie state in terme van IFRS op te stel nie. Alhoewel dit nie verpligtend is nie, is die jaarlikse finansiële state sedert 2009 opgestel in terme van GAAP en vanaf 2011 in terme van “IFRS for SME’s”.

4.3.3. Sedert 2006 het die SAOU drie stelle ouditeure gehad, synde Henk Prinsloo en Vennote tot en met die 2008 finansiële jaar, TAG Ingelyf tot en met die 2014 finansiële jaar en Norfer Ingelyf vanaf 2015 tot op hede. SAOU het nog nooit ‘n gekwalifiseerde ouditverslag ontvang nie.

4.3.4. As deel van ons ondersoek het ons die oudit werkspapiere van Norfer Ingelyf vir die 2017 oudit nagegaan en kan berig dat dit voldoen aan die vereistes soos vervat in die IAS.

4.4. Inkomste

4.4.1. Meer as 95% van SAOU se inkomste is afkomstig uit vier bronne[7] synde:

| | % |
|---|---|
| Ledegeld | 77 |
| PSCBC fooie | 10 |
| Seminare | 5 |
| Hoofde Simposium | 4 |
| | 96 |

4.4.2. Ons ondersoek het aangedui dat inkomste behoorlik ten boek gestel word en niks het tot ons aandag gekom wat gedui het op enige wesenlike gebreke of wanbestuur in die verband nie.

4.5. Uitgawes

4.5.1. *Grootste uitgawes*

Die tien grootste uitgawes[8] maak 80% van SAOU se totale uitgawes op. Vir 2018 en 2017 was dit soos volg:

| | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|
| Personeelkoste | 20.043.700 | 18.421.521 |
| PSCBC uitgawes | 5.609.862 | 4.922.005 |
| Raadkoste | 3.129.016 | 2.361.442 |
| Huur | 2.772.137 | 2.066.799 |
| Seminaar uitgawes | 2.122.115 | 1.343.846 |
| Sekonderingskoste | 1.998.965 | 1.227.728 |
| Hoofde symposium koste | 1.931.079 | 1.362.925 |
| Provinsiale bedryfsuitgawes | 1.176.278 | 1.073.924 |
| Vergaderings | 1.428.596 | 662.542 |
| Lede dagboeke | 1.346.315 | 933.273 |
| | 41.558.063 | 34.376.005 |
| % van totale uitgawes | 80% | 76% |

[7] - Gebaseer op die 2018 finansiële jaar.
[8] - Soos geallokeer in die 2018 inkomstestaat. Die allokasies is verskillend van die vorige jare synde provinsiale kostes nou apart getoon word en die kleiner items soos spyseniering, skoonmaakkoste en trekkoste nou getoon word. Raadkoste, wat die HUB se besoldiging insluit, word ook nou apart getoon.

4.5.2. *Personeelkoste*

4.5.2.1. Hierdie is by verre die grootste SAOU uitgawe. Die personeellys[9] vir Oktober 2018 dui aan dat SAOU 77 mense in diens gehad het, waarvan 49 by die provinsiale strukture[10] bedrywig was en 28 by die nasionale hoofkantoor.

4.5.2.2. SAOU het gedurende Februarie 2017 'n vergelyking laat doen van die vergoedings wat aan SAOU en SAEF personeel betaal word en wat in die mark betaal word. Die vergelyking is deur PEC gedoen.

4.5.2.3. Dit blyk dat PEC van die SAOU en SAEF poste geïdentifiseer het waar die personeel wesenlik meer betaal word as wat die arbeidsmark betaal. By nadere ondersoek blyk dit dat sommige van die personeel se lang diens die effek gehad het dat die jaarlikse verhogings eventueel die salarisse buite mark laat groei het. Volgens die PEC verslag is daar ook van die poste wat onder die laagste kwartiel van hulle steekproef val. Die totale salariskoste vir SAOU op daardie stadium was ook nog onder die laagste kwartiel.

4.5.2.4. As vakunie kan SAOU stellig argumenteer dat dit 'n voorbeeld behoort te stel in terme van besoldiging en kan dit nie gesien word om personeel af te lê wat te duur raak nie.

4.5.2.5. Dit blyk ook dat na die PEC verslag, die SAOU bestuur regstellende aksie geneem het en is daar vir vier van die werknemers geen verhogings toegestaan nie. Daar is egter weer in 2018 verhogings toegestaan vir hierdie persone.

4.5.2.6. Die personeel by SAOU ontvang almal 'n prestasiebonus wat in Desember betaal word en wat bepaal word in terme van SAOU se prestasie, gemeet aan drie kriteria naamlik:

- Finansies: Oortreffing van begrote netto surplus.
- Werwing: Groei in ledetal.
- SAOU Dienslewering.

4.5.2.7. Prestasiebonusse word slegs betaal indien 'n gemiddelde telling van bo 70% bereik word en neem toe soos wat die telling[11] opgaan. Die enigste kriteria wat die potensiaal tot manipulasie het, is kriteria 1 tot die mate wat die begroting te konserwatief opgestel sou word en indien IFRS inskrywings soos onder andere billike waarde aanpassings en huuregaliserings, wat nie in die begroting behoort te wees nie, in ag geneem word wanneer die werklike surplus behaal teenoor die begrote surplus vergelyk word.

---

[9] - Hierby aangeheg gemerk Aanhangsel A.
[10] - Die 49 personeellede sluit die Provinsiale Voorsitters en Onder-Voorsitters uit.
[11] - 3% van pensioendraende salaris met 'n maksimum van 6%.

4.5.2.8. Sommige van die SAOU personeel ontvang ook ‘n tradisionele dertiende betaling.

4.5.2.9. Daar is opgelet dat die President van die SAOU ook in aanmerking kom vir ‘n prestasiebonus gelykstaande aan die prestasiebonus wat aan die HUB betaal word.

4.5.2.10. Na ons mening behoort die President van die SAOU nie in aanmerking te kom vir bonusse nie. Sy of haar posisie kan gesien word as soortgelyk aan die Voorsitter van ‘n maatskappy, wat as leier van die direksie onder andere oor die uitvoerende beamptes moet toesig hou en besluite moet neem in die lang termyn belang van die organisasie. Derhalwe is ons siening dat die President van SAOU ‘n vaste vergoeding moet kry. Die vergoeding moet voldoende wees om hom of haar te vergoed vir die eise en verantwoordelikheid wat met die Presidentskap gepaard gaan.

4.5.2.11. Prestasiebonusse, op dieselfde wyse bereken, synde op die SAOU prestasie, word ook betaal aan die personeel van SAEF[12], SASOO, SACAI en FINSA[13]. In hierdie gevalle word dit befonds deur SAOU en was SAOU deur hierdie entiteite gefaktureer. Vir die Desember 2017 betaling is dit verander en het SAOU dit direk aan die individue betaal en aan elkeen ‘n SAOU IRP5 sertifikaat uitgereik. Die Desember 2017 bedrag wat so hanteer is het R209.381 beloop. Daar is na ons mening geen basis waarop SAOU hierdie bonusse direk aan werknemers van SAEF, SASOO, SACAI en FINSA kon betaal nie. Die gebruik van SAOU fondse om bonusse aan nie-werknemers te betaal is aanvegbaar.

4.5.2.12. Die salarisse van vier persone wat werksaam is by SACAI word deur SAOU betaal maar nie verhaal vanaf SACAI nie. Huidiglik beloop hierdie bedrag R110.094 per maand. Daar is ‘n argument uit te maak dat deur SACAI te ondersteun die SAOU potensïele werksgeleenthede vir Afrikaanse onderwysers kan help skep in die toekoms en ook een van sy doelstellings om moedertaal onderrig te bevorder aanspreek.

4.5.2.13. Vanaf September 2016 is Mnr Fourie se salaris in SAEF met die helte gesny en verdien hy daarna die ander helfte in SAOU. Voorheen was sy totale salaris deur SAEF betaal.

4.5.2.14. Die SAEF rekenmeester is ook in September 2016 bevorder na die SAOU rekenmeesterspos nadat die vorige SAOU rekenmeester afgetree het. SAEF het nie weer ‘n rekenmeester aangestel nie, en is die SAEF rekenkundige pligte daarna gedeel tussen die SAOU rekenmeester en die SAOU assistent-rekenmeester.

[12] - Vanaf Desember 2013.
[13] - Eers vanaf Desember 2017.

4.5.2.15. Die President van die SAOU het die gebruik van ‘n motorvoertuig. Geen werknemersbelasting word op die voertuig afgetrek nie, aangesien Dr Swanepoel amptelik in diens is van die Mpumalanga DVO in Nelspruit, en sy reise om sy SAOU amp te vervul (waarvoor hy die motorvoertuig gebruik) dus nie van ‘n private aard is nie.

4.5.2.16. Die ontvangsdame wat in diens was van SAEF is oorgeplaas na SAOU in September 2016. In die verlede is 70% van haar salaris deur SAEF vanaf SAOU verhaal.

4.5.3. _SAEF Kostes_

4.5.3.1. SAEF verhaal sekere kostes van onder andere SAOU. Hierdie kostes word verhaal gebaseer op die *pro rata* gedeelte wat deur SAOU gebruik word. Hierdie kostes was vir 2018 as volg:

- ‘n Gedeelte van die drywer en geboubestuurder se salarisse.
- ‘n Gedeelte van die Absa Kontant Fokus bankkoste.
- ‘n Gedeelte van Mnre Klopper en Fourie se SAEF salarisse.
- Skoonmaak-, kombuis- en wasdienste.
- ‘n Bestuursfooi.
- SAOU se motorvlootkoste.
- Telefoonkoste.
- ‘n Gedeelte van internet en rekenaarkoste.
- ‘n Gedeelte van die munisipale koste.
- Een DSTV subskripsie.

4.5.3.2. SAEF verhuur die grootste gedeelte van die Hoofkantoorgebou, die Vrystaat kantore en ook een motorvoertuig uit aan SAOU.

4.5.3.3. Ons het die metodiek waarvolgens die uitgawes deur SAEF verhaal is vanaf SAOU nagegaan. Ons het ook die bedrae waarop die verhalings gebaseer is vergelyk met die werklike uitgawes in SAEF se boeke.

4.5.3.4. Dit blyk dat die werklike Absa Kontant Fokus koste minder was as wat in die verhaling gebruik is. Die verskil is egter glad nie wesenlik nie.

4.5.3.5. Die persentasies toegepas vir die verhaling van ‘n gedeelte van die drywer en geboubestuurder, wat ook beheer uitoefen oor die poelvoertuie, se salarisse is na ons insiens billik.

4.5.3.6. Alhoewel Mnre Klopper en Fourie ook salarisse in SAOU verdien, word 25% van Mnr Klopper en 26% van Mnr Fourie se 2018 SAEF salaris ook van SAOU verhaal. Die rede hiervoor is dat baie meer tyd op SAOU sake spandeer word. Uit ‘n administratiewe oogpunt uit maak dit meer sin om die salarisse in SAOU te verhoog in lyn met die werklike tydspandering. Hierdie

is tot 'n groot mate gedoen vir Mnr Fourie wat voor September 2016 sy volle salaris vanaf SAEF verdien het. Dit blyk dat daar nooit 'n regstelling gedoen is in die 2017 finansiële jaar vir die feit dat Mnr Fourie se salaris in SAEF verminder het nie, en dat SAEF nog steeds dieselfde administrasiefooie vanaf SAOU verhaal het.

4.5.3.7. Dieselfde geld ook vir die gedeelte van die ontvangsdame en rekenmeester[14] in SAEF wat voorheen vanaf SAOU verhaal is. Die totale oorverhaling vanaf SAEF vir die periode 1 September 2016 tot 28 Februarie 2017 in terme van die drie salarisse[15] beloop R420.788. Die situasie is egter vanaf die nuwe finansiële jaar reggestel.

4.5.3.8. Sedert September 2016 is SAEF sonder 'n rekenmeester. Hierdie verteenwoordig 'n besparing vir SAEF. Na regte behoort SAOU 'n administrasiefooi te hef aan SAEF vir die administratiewe werk verrig deur SAOU personeel.

4.5.3.9. In die verlede het SAEF 10% van die ontvangsdame se salaris verhaal vanaf SACAI, 6% vanaf FINSA, 70% vanaf SAOU en 14% self gedra. As gevolg van die oorplasing betaal SAOU nou die volle ontvangsdame salaris teenoor 70% daarvan in die verlede.

4.5.3.10. Die bestuursfooi wat deur SAEF gehef word, het sy ontstaan al in 2008 met die aanstelling van Mnr Klopper. Aangesien Mnr Klopper een van die destydse TO aanstellings was, het hy gekwalifiseer vir 'n werkgewersbydrae tot sy pensioenfonds van 25% van sy pensioendraende inkomste. Met sy aanstelling as die HUB van SAOU is daar ooreengekom tussen SAOU en SAEF dat R200.000 van sy SAOU salaris deur SAEF aan hom betaal sou word ten einde sy pensioen voordele in stand te kon hou. Sy SAOU salaris is dus met R200.000 verminder en by sy SAEF salaris gevoeg. Die R200.000 is toe jaarliks verhaal deur SAEF vanaf SAOU in die vorm van 'n bestuursfooi.

4.5.3.11. Die motorvlootkoste verteenwoordig die brandstof, tolgelde en onderhoudskoste wat op die Absa vloot kaartstelsel aangegaan word. Hierdie kostes word toegedeel na aanleiding van en deur wie die voertuie gebruik is. SAOU gebruik al die poelvoertuie en ook partykeer die SAEF bakkie. Dit sluit ook in twee SAOU voertuie se CTrack betalings.

4.5.3.12. Telefoonkoste word verhaal gebaseer op die werklike gebruik.

4.5.3.13. Die internet en rekenaarkoste word verhaal gebaseer op werklike gebruik van die ADSL lyne asook die rekenaarstelsel en rugsteunstelsel.

---

[14] - Verwys na items 3.5.2.13 en 3.5.2.14.

[15] - Mnr Fourie, ontvangsdame en SAEF rekenmeester.

4.5.3.14. Munisipale koste soos water, elektrisiteit en vullisverwydering word verhaal gebaseer op die koppetelling van die onderskeie entiteite wat die hoofkantoor deel.

4.5.3.15. SAOU huur spasie by SAEF vir die SAOU hoofkantoor en die Vrystaat provinsiale afdeling se kantore. Die huur betaal deur SAOU vir die Vrystaat kantoor bedra tans R8.559 per maand. Hierdie eiendom het ook ‘n woonstel wat uitverhuur word deur SAEF aan ‘n nie-verwante derde party teen R5.700 per maand. Die huur aan SAOU gevra blyk dus laag te wees.

4.5.3.16. Die Pretoria hoofkantoor word huidiglik uitverhuur aan SAOU teen ‘n bruto maandelikse huur van R134 per $m^2$. Na ons mening is hierdie huur baie billik gesien in die lig daarvan dat die gebou baie oop spasies het wat nie ingereken word by die verhuurbare gedeeltes nie, en dat SAOU nie huur betaal vir die gebruik van die ouditorium, raadsaal, komiteekamers, onthaalarea en kombuis nie. Die ontwikkeling van die Menlyn Maine node het ook hure in die omgewing naby aan die node laat styg. Alhoewel die gebou al meer as 30 jaar oud is, is dit in ‘n uitstekende toestand.

4.5.3.17. Die motorvoertuig wat deur SAOU gehuur word is die laaste een van drie Ford Figo voertuie wat deur SAEF aangekoop[16] was. Die huur is bereken op die kosprys[17] van die voertuie oor ‘n tydperk van 60 maande en jaarliks verhoog met 10%. SAEF het die lisensiekoste en versekering betaal. Ons berekeninge[18] dui daarop dat dit vir SAOU voordeliger sou gewees het indien dit die voertuie self besit het en dat dit vir SAOU ongeveer 10% minder sou gekos het indien die tydwaarde van geld in berekening gebring word.

4.5.3.18. Die skoonmaak-, kombuis- en wasdienste word bereken op ‘n vooruitberaming van die koste van die skoonmaakmiddels en die salarisse van die skoonmaak, kombuis- en terreinpersoneel. Dit word dan toegedeel. In terme van die huurkontrakte is dit net SAOU en FINSA wat addisioneel betaal vir skoonmaak-, kombuis- en wasdienste. Gedurende 2018 het SAEF 84% van die totale koste vanaf SAOU verhaal. Hierdie persentasie is aanvaarbaar indien in ag geneem word dat SAOU by verre die dominante gebruiker is van die raadsaal, ouditorium, kombuis, komiteekamers en badkamers.

4.5.4. *PSCBC Uitgawes*

Hierdie uitgawe item is ‘n kombinasie van verskeie administrasiekostes[19] wat op ‘n persentasie toegedeel word en wat teoreties deur die PSCBC

---

[16] - Een voertuig in 2011 en twee voertuie in 2012.
[17] - Kosprys vir die drie voertuie was 343.516.
[18] - Gebaseer op die voertuig wat in Augustus 2010 aangekoop en in Januarie 2017 verkoop is deur SAEF.
[19] - Kantoorhuur, posgeld, telefoon, salarisse, bestuursfooie, skryfbehoeftes en drukwerk, ouditfooie en vergaderingskoste.

agentskapfooie befonds word. Die persentasies wat gebruik word, word openbaar gemaak in die finansiële verslagdoening aan PSCBC, wat in die vorm van 'n aparte stel finansiële state gedoen word.

4.5.5. *Raadkoste*

4.5.5.1. Hierdie uitgawe item bestaan uit die President en HUB van SAOU se totale vergoeding[20] en die verkose leiers se vergoeding[21].

4.5.5.2. Die verkose leiers se vergoeding is om hulle te vergoed vir hulle reis- en selfoonkoste wat hulle aangaan as gevolg van hulle werksaamhede in hulle provinsies.

4.5.6. *Huur*

4.5.6.1. Die huuruitgawe bestaan uit die huur betaal deur SAOU aan SAEF vir die Pretoria hoofkantoor en Vrystaat kantoor, aan KOT vir die huur van die Oos-Kaap kantoor, aan IE Eiendomme vir die huur van die Noord-Kaap kantoor, aan QMT vir die huur van die Kwazulu Natal kantoor en aan Broll vir die huur van die Wes-Kaap kantoor tot Augustus 2017. Dit sluit ook 'n bedrag van R250.020 in vir huur van kantoortoerusting vanaf Sasfin, Itechfin en Assetfin.

4.5.6.2. Die Wes-Kaap kantoor is op 30 Augustus 2017 en die Noord-Kaap kantoor op 4 Januarie 2018 aangekoop.

4.5.6.3. Die uitgawe sluit ook 'n bedrag van R147.187 in wat nie 'n werklike huuruitgawe verteenwoordig nie, maar in terme van die rekeningkundige standpunte voorsien is.

4.5.6.4. Die huur betaal aan derde partye blyk markverwant te wees.

4.5.7. *Seminaaruitgawes*

4.5.7.1. Hierdie uitgawe bestaan uit 'n verskeidenheid van byeenkomste wat die SAOU vir sy lede aanbied in die verskillende provinsies.

4.5.7.2. Die SAOU het R2.464.023 inkomste verdien uit hierdie byeenkomste. Die SAOU se doel is om gelyk te breek en die koste van die saamtrekbyeenkomste te verhaal.

---

[20] - Dit is die totale uitgawe vir SAOU, prestasiebonusse ingesluit en in die geval van die HUB ook die vaardigheidsheffing.

[21] - Voorsitters van provinsies het in 2018 R71.021 ontvang en ander voorsitters R26.315.

4.5.8. *Sekonderingskoste*

4.5.8.1. Hierdie is 'n rekeningkundige voorsiening wat geskep word elke jaar deur SAOU vir sommige van die personeel wat gesekondeer is aan die vakunie[22] deur die DVO wat steeds vir hierdie persone salarisse betaal.

4.5.8.2. Die voorsiening vir 2018 was vir 4 persone[23], synde die Assistant-sekretaris Gauteng, VVV KwaZulu-Natal, Sekretaris Noord-Kaap en die POD Kurrikulum adviseur.

4.5.8.3. Alhoewel die DVO geregtig is om hierdie salarisse vanaf SAOU te verhaal in terme van die PAM regulasies tot die EEA, het SAOU nog nooit enige fakture ontvang nie. Die enigste kennisgewing wat ooit deur SAOU vanaf DVO ontvang is wat met die koste van sekonderings te make het, was vir Dr Breedt, die vorige President van SAOU. Geen faktuur is al ontvang vir hierdie uitgawe nie.

4.5.8.4. In terme van IFRS is dit korrek vir die SAOU om 'n krediteur te skep in hulle boeke vir hierdie aanspreeklikheid en om dit as uitgawe te verantwoord.

4.5.9. *Hoofde Simposium*

4.5.9.1. Die koste aangegaan om die jaarlikse hoofde simposium aan te bied word onder hierdie uitgawe item aangetoon.

4.5.9.2. Die SAOU maak tot dusver 'n wins uit hierdie geleentheid.

4.5.10. *Provinsiale bedryfsuitgawes*

Hierdie uitgawe het in 2018 bestaan hoofsaaklik uit akkommodasie en reiskoste vir die provinsies se bywoning van die Hoofdesimposium, korporatiewe geskenke, etes en verversings en reiskoste vir die PUR en akkommodasie vir 'n strategiese beraad.

4.5.11. *Vergaderings*

4.5.11.1. Hierdie uitgawe item behels die NUR, ND, BBK en NPK se reis-, verblyf- en etekostes. Die helfte van hierdie uitgawe bestaan uit die Nasionale Kongres uitgawes.

---

[22] - In terme van F4 van die PAM.

[23] - Huidiglik het die SAOU 6 persone wat gesekondeer is aan die vakunie wie se salarisse potensieel verhaalbaar is deur DVO, met die VVV Mpumalanga en VVV Gauteng wat bygekom het.

4.5.12. *Lede dagboeke*

Die lede dagboeke en ander items soos lessenaarkalenders, staan kalenders en "doodle books" word jaarliks aangekoop en versprei onder die SAOU lede. Die hoofrede vir die styging in kostes vanaf 2017 tot 2018 is as gevolg van 'n verandering in die samestelling van die items. In 2018 is 21.000 "doodle books" aangekoop teen R24 per item en baie minder van die veel goedkoper staankalenders.

4.5.13. *Opsomming van ontleding van uitgawes*

Ons ondersoek en ontleding van die SAOU uitgawes toon aan dat die uitgawes aangewend word vir SAOU aktiwiteite. Dit dui ook aan dat die stelling dat SAOU se uitgawes nie meer as R15m behoort te beloop nie, glad nie water dra nie.

4.6. Bates

4.6.1. Die SAOU se bates bestaan uit vaste bates wat benodig word om as nasionale vakunie te kan werksaam wees.

4.6.2. Die huurverbeteringe op SAOU se balansstaat is meestal aangegaan by die hoofkantoor in Pretoria. Na ons mening verkry die SAOU die nut uit hierdie verbeteringe solank as wat die SAOU die gebou huur, welke situasie nie in die toekoms behoort te verander nie.

4.6.3. Die twee eiendomme wat gedurende die 2018 finansiële jaar aangekoop is, is vir die Wes-Kaap en die Noord-Kaap provinsies se kantore.

4.6.4. SAOU het 'n gesonde bedryfskapitaalverhouding en het R10.9m kontant gehad op 28 Februarie 2018. Dit het ook 'n effektetrust belegging van R19.7m gehad op 28 Februarie 2018.

4.6.5. Die effektetrust belegging is geskuif vanaf Ou Mutual na Kruger Internasionaal batebestuurders. Die opbrengs behaal tot op hede op die portefeulje sedert die skuif, is 'n gemiddelde jaarlikse saamgestelde opbrengs van 4,7%, wat beter is as wat die JSE Alle aandele indeks gevaar het vir dieselfde periode.

4.6.6. Ons het geen ongerymdhede gevind met betrekking tot die bestuur en gebruik van SAOU se bates nie.

# 5. **SAEF**

## 5.1. Agtergrond

5.1.1. SAEF het die eienaar geword van die bates voorheen besit deur SAOS in terme van ‘n ooreenkoms aangegaan op 10 Oktober 2006 tussen die partye. As deel van die ooreenkoms het SAEF ook sekere regte en verpligtinge van SAOS oorgeneem, onder andere dit soos vervat in die samewerkingsooreenkoms tussen SAOS en TO, al die verpligtinge teenoor die personeel van SAOS en ook die oorspronklike SAOS doelstelling van: *“Die bevordering en beskerming van individuele, sowel as kollektiewe belange van daardie persone wat op 23 Mei 1992 lede was van die Transvaalse Onderwysersvereniging of op gemelde datum in diens gestaan het van hetsy die Transvaalse Onderwysersvereniging of ‘n maatskappy waarvan die Transvaalse Onderwysersvereniging die alleen aandeelhouer was”.*

5.1.2. SAEF het dus in die skoene van SAOS ingestap en dieselfde tipe van dienste aan SAOU begin lewer as wat SAOS destyds aan die TO gelewer het.

## 5.2. Bestuur

5.2.1. SAEF is ‘n afsonderlike regspersoon en word bestuur deur sy bestuurskomitee. Die eerste bestuurslede was die ondertekenaars van die konstitusie, synde Dr EH Davies, Mnr JC Klopper en Mnr FPJ le Roux[24]. ‘n Besluit is geneem by die eerste bestuurskomitee vergadering van 10 Desember 2004 dat die Voorsitter SAOU (Gauteng), Voorsitter SAOU (Mpumalanga), Onder-voorsitter SAOU (Noordwes) en Onder-voorsitter SAOU (Limpopo) genooi word om lede van die bestuurskomitee te word.

5.2.2. Die huidige SAEF bestuurskomitee bestaan uit tien lede met die SAOU Nasionale President as die Voorsitter. Drie ander SAOU dagbestuurlede sit ook op die SAEF bestuurskomitee. Twee van die bestuurskomiteelede is in diens van SAEF synde Mnre Klopper en Fourie.

[24] - Mnr le Roux is ‘n Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) en ‘n onafhanklike nie-uitvoerende bestuurslid.

5.3. Verhouding met SAOU

5.3.1. Daar is ‘n baie nou verhouding tussen SAEF en SAOU synde die twee organisasies ‘n gebou[25] en personeel deel en SAEF nog sekere van die tegnologiese infrastruktuur besit.

5.3.2. Soos wat SAOU ontwikkel het, het dit meer personeel aangestel en self bates aangeskaf en derhalwe van die funksies wat SAEF voorheen vir SAOU vervul het, self begin doen.

5.3.3. Soos toegelig in item 4.5.3 is daar nog van die administratiewe rekenaaruitgawes en motorvlootkostes wat SAEF aangaan en dan van SAOU, FINSA, TOOM en SACAI verhaal. SAEF verhaal ook van sy huurders die *pro rata* munisipale, water, vullisverwydering en elektrisiteitskostes.

5.3.4. Die feit dat SAEF die 23 Mei 1992 aanspreeklikheid teenoor die ou TO personeel opgeneem het, is vir die SAOU ‘n groot voordeel aangesien dit andersins self hierdie uitgawe sou gehad het.

5.3.5. Na ons mening is die oorspronklike praktyk waar SAEF die uitgawe aangaan en dan verhaal van die relevante verbruiker in SAOU se voordeel, aangesien SAOU op hierdie metode self geen risiko van onderverhaling loop nie.

5.3.6. Daar is ook ‘n duidelike voordeel vir beide partye om administratiewe- en rekenaar infrastruktuur en strukture te deel, aangesien dit baie meer effektief is en elkeen minder betaal in die proses.

5.3.7. Daar is egter van die uitgawes soos telefoonkoste en motorvlootkoste waar SAOU meer as 90% van die gebruik het, waar dit sou meer sin maak dat SAOU self hierdie uitgawe aangaan en dan eerder die kleiner deel vanaf SAEF verhaal.

5.4. Inkomste

5.4.1. SAEF se grootste bron van inkomste is uit die verhuring van die Pretoria kantoorgebou. Dit verdien ook kommissie inkomste van ongeveer R180.000 per jaar wat destyds as deel van die SAOM[26] transaksie onderhandel is en beleggingsinkomste van ongeveer R545.000 per jaar en huur vanaf die Bloemfontein eiendom.

[25] - Die bakkie wat SAEF besit is ook tot beskikking van SAOU.
[26] - SAOM was deel van die SAEF groep en die besigheid is in 1999 verkoop.

5.4.2. SAEF se 2018 inkomste kan soos volg opgesom word:

| Tipe | Totale bedrag R | Gehef aan SAOU R | Gehef aan SACAI R | Gehef aan SASOO R | Gehef aan FINSA R | Gehef aan TOOM R | Gehef aan ander R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Admin vergoeding | 1.323.408 | 909.461 | 93.618 | - | 123.038 | 197.291 | - |
| Huur-Pretoria | 1.821.834 | 1.136.435 | 450.728 | - | 77.536 | - | 157.135 |
| Huur-Bloemfontein | 161.101 | 93.372 | - | - | - | - | 67.729 |
| Bestuursfooi | 200.000 | 200.000 | - | - | - | - | - |
| Dienslewering | 383.768 | 375.425 | - | - | 6.257 | - | 2.086 |
| Parkering | 31.900 | - | - | - | - | - | 31.900 |
| | | | | | | | |
| Verhalings | | | | | | | |
| - Oortyd | 16.544 | 1.500 | 14.356 | - | - | - | 688 |
| - IT Kostes | 109.401 | 35.399 | 32.349 | 4.216 | 36.241 | 1.197 | - |
| - Intekengeld | 4.179 | 4.179 | - | - | - | - | - |
| - Motor CTrack | 4.192 | 4.192 | - | - | - | - | - |
| - Telefoon en Internet | 562.107 | 476.225 | 56.041 | - | 26.244 | 1.955 | 1.642 |
| - Motorvloot uitgawes | 571.776 | 571.776 | | | | | |
| - Munisipale dienste | 669.474 | 500.984 | 98.276 | - | 16.484 | - | 53.730 |
| - Kragopwekker | 2.342 | 1.743 | 354 | - | 54 | - | 191 |
| - Onthaalkoste | 1.100 | 575 | - | - | - | 525 | - |
| - Drukwerk en skryfbehoeftes | 702 | 645 | 24 | 16 | 16 | - | - |
| | | | | | | | |
| Kommissie ontvang | 181.272 | - | - | - | - | - | 181.272 |
| | | | | | | | |
| Beleggingsinkomste | | | | | | | |
| - Rente ontvang | 522.738 | - | - | - | 197.296 | - | 325.442 |
| - Dividende ontvang | 22.259 | - | - | - | - | - | 22.259 |
| | | | | | | | |
| Wins met verkoop van bates | 27.692 | - | - | - | - | - | 27.692 |
| Billike waarde aanpassings | 281.147 | - | - | - | - | - | 281.147 |
| Huuregalisering | 126.540 | - | - | - | - | - | 126.540 |
| Inkomste per finansiële state | 7.025.476 | | | | | | |

5.4.3. Die verhalings word gebaseer op die werklike uitgawe en derhalwe maak SAEF nie 'n wins hierop nie. Selfs die adminvergoeding en dienslewering inkomste word gehef met die doelstelling om die onderliggende uitgawes te verhaal. Die enigste uitsonderings op die reël is bespreek in item 4.5.3.4, 4.5.3.7 en 4.5.3.17. Die oorverhaling van salarisse bespreek in item 4.5.3.7 was 'n eenmalige administratiewe oorsig deurdat die adminvergoeding, wat aan die begin van elke jaar vasgestel word, nie aangepas is nie. Na ons mening is die verhalings van oortyd, IT kostes, intekengeld, CTrack, telefoon en internet, motorvloot uitgawes, munisipale dienste, kragopwekker, onthaalkoste en skryfbehoeftes billik.

5.4.4. SACAI en FINSA betaal dieselfde huur per m$^2$ as SAOU aan SAEF. In die geval van SACAI is skoonmaakdienste ingesluit by die huur. Dit is nie 'n wesenlike syfer nie. Een van die regsadviseurs van SAOU huur 123m$^2$ vanaf SAEF. Gedurende die 2018 finansiële jaar was die maandelikse tarief

R83 per m$^2$, skoonmaakkoste ingesluit. Die rede vir die laer tarief is blykbaar dat die huurder voorheen 27m$^2$ gehuur het maar toe moes uitskuif ten einde die POD afdeling van SAOU te kon akkommodeer en het toe opgeëindig met ‘n groter area as wat benodig word.

5.5. Uitgawes

5.5.1. Soos genoem verhaal SAEF ‘n groot gedeelte van sy uitgawes vanaf SAOU, SACAI en ander partye. Dit maak sin aangesien SAEF self nie enige merkwaardige besigheid self in sy eie naam bedryf nie, behalwe vir die besit en bestuur van die twee eiendomme. SAEF besit twee besighede maar dit word bedryf in twee maatskappye synde FINSA en TOOM.

5.5.2. Die grootste uitgawes van SAEF was as volg vir 2018:

| Item | Bruto uitgawe R | Verhaal vanaf ander partye R | Netto uitgawe R |
|---|---|---|---|
| Personeelkoste | 5.520.356 | 1.769.766 | 3.750.590 |
| Munisipale kostes | 1.311.814 | 669.474 | 642.340 |
| Telefoon en internet | 668.215 | 562.107 | 106.108 |
| Motorkoste | 571.776 | 571.776 | - |
| Komiteekostes | 224.098 | - | 224.098 |
| Herstel en onderhoud | 222.799 | - | 222.799 |
| Rekenaar- en sagtewarekoste | 137.744 | 113.580 | 24.164 |
| Versekering | 106.037 | 4.192 | 101.845 |
| Waardevermindering en oninbare voorsienings | 2.027.755 | - | 2.027.755 |
| | 10.790.594 | 3.690.895 | 7.099.699 |
| | | | |
| Persentasie van totale uitgawes | 98,6% | | |

5.5.3. *Personeelkoste*

5.5.3.1. Hierdie is by verre die grootste uitgawe item van SAEF. Na die September 2016 oorplasing van die ontvangsdame en die SAEF rekenmeester het SAEF net die volgende agt personeellede in diens gehad:

- HUB
- AD
- Geboue bestuurder
- Drywer/bode dienswerker
- Twee kombuis- en skoonmaakdienswerkers
- Twee terreindienswerkers

5.5.3.2. Die totale koste vir SAEF ten opsigte van die agt personeellede was R3.556.239 vir 2018 waarvan 74% betrekking het op die HUB en AD.

5.5.3.3. Die PEC vergelyking gedoen in Februarie 2017 het aangedui dat die drywer/bode dienswerker en die een kombuis- en skoonmaakdienswerker se salarisse substantieel meer as die mark is. Vir beide hierdie werknemers maak SAEF 'n maandelikse pensioenfondsbydrae gelykstaande aan 23% van hulle basiese salarisse.

5.5.3.4. Die vergoeding betaal aan die HUB, Mnr Klopper sluit 'n dertiende betaling gelykstaande aan een maand se basiese salaris en 'n addisionele pensioenbydrae deur SAEF van 25% hiervan in. Soos genoem in item 4.5.2.10 ontvang Mnr Klopper ook 'n prestasiebonus in SAOU wat bereken word op beide sy jaarlikse SAOU basiese salaris plus motorvoordeel en SAEF basiese salaris. Dieselfde is ook gedoen vir die SAEF geboubestuurder, drywer/bode dienswerker en die twee kombuis- en skoonmaakdienswerkers. Dit blyk dat daar ook in SAOU van die werknemers is wat 'n prestasiebonus sowel as 'n tradisionele dertiende betaling verdien.

5.5.3.5. Die personeelkoste uitgawe sluit ook 'n voorsitterstoelaag van R29.561 in wat aan Dr Swanepoel betaal is.

5.5.3.6. Die balans van hierdie uitgawe bestaan uit die mediesefondsbydraes wat SAEF betaal namens afgetrede werknemers van SAEF en die TO en 'n rekeningkundige voorsiening vir die toekomstige verpligting met betrekking tot afgetrede en huidige werknemers wat op hierdie voordeel geregtig is. Laasgenoemde voorsiening word gebaseer op 'n netto teenswoordige waarde berekening en verteenwoordig nie 'n werklike kontantuitvloei vir SAEF op hierdie stadium nie.

5.5.3.7. Dit blyk dat die verpligting van SAEF rakende die mediesefondsbydraes van die afgetrede personeel sy ontstaan het in die diensvoorwaardes wat destyds vir TO personeel[27] gegeld het. Die huidige lys van afgetrede personeel toon aan dat daar tien mense is wat hierdie voordeel ontvang. Volgens die inligting beskikbaar blyk dit dat meeste van hierdie persone al voor die ontstaan van SAEF en SAOU afgetree het. Die huidige koste van hierdie voordeel beloop R 44.976 per maand.

5.5.3.8. Die feit dat SAEF hierdie aanspreeklikheid oorgeneem het, is inderdaad tot voordeel van die SAOU. Die lys van afgetredenes is meeste destyds deur die TO aangestel. Sommige van hulle is oorgeplaas na SAOS toe en het dan in SAOS afgetree, terwyl die ander in die TO afgetree het.

[27] - En vir OVSOV ten opsigte van een persoon.

5.5.4. *Munisipale kostes*

5.5.4.1. Die netto uitgawe na verhalings vanaf huurders van R642.340 verteenwoordig die eiendomsbelasting[28] deur SAEF betaal op die Pretoria en Bloemfontein eiendom en SAEF se gedeelte van die water, elektrisiteit en vullisverwydering.

5.5.5. *Telefoon en internet*

Die netto bedrag van R106.108 bestaan uit selfoonkoste van R59.816 en die balans is die gedeelte van die landlyn en internet wat deur SAEF gebruik word. Die selfoonkoste is vir die geboubestuurder, drywer/bode en AD se selfone, wie almal na ure moet beskikbaar wees.

5.5.6. *Motorkoste*

5.5.6.1. Die bedrag van R571.776 soos in die 2018 finansiële state openbaar gemaak is die kostes verbonde aan die SAOU poelvoertuie en word dus ten volle verhaal. Die enigste rede waarom SAEF hierdie uitgawe het is omdat die Absa vlootrekening maandstaat nog elke maand aan SAEF gelewer word, synde SAEF destyds die Absa fasiliteit verkry het.

5.5.6.2. SAEF se motorkoste gedeelte is openbaar gemaak onder Petrol en olie, instandhoudings- en reiskoste in die 2018 finansiële state.

5.5.7. *Komiteekostes*

5.5.7.1. Hierdie verteenwoordig die raadsgelde en sittingsgelde betaal aan die bestuurskomiteelede en die reis- en verblyfkoste van bestuurslede om vergaderings by te woon. Vir 2018 was die volgende raadsgelde en sittingsgelde betaal:

| Naam | Totaal R | Raadsgelde R | Sittingsgelde R |
|---|---|---|---|
| JC Klopper | 36.771 | 33.344 | 3.427 |
| EJ Fourie | 30.103 | 26.676 | 3.427 |
| LH Swanepoel | 36.771 | 33.344 | 3.427 |
| PP Sauer | 30.103 | 26.676 | 3.427 |
| CGG Lancaster | 30.103 | 26.676 | 3.427 |
| FPJ le Roux | 36.771 | 33.344 | 3.427 |
| | 200.622 | 180.060 | 20.562 |

5.5.7.2. Reis- en verblyfkoste van R22.772 is aangegaan ten opsigte van Mnre Sauer en Lancaster, wie nie woonagtig is in Pretoria nie.

[28] - R517.969 vir 2018.

5.5.7.3. Na ons mening behoort Mnre Klopper en Fourie nie raads- en sittingsgelde betaal te word vir die bywoning van die bestuurskomiteevergaderings nie, aangesien hulle gesalarieerde werknemers van SAEF is en in elk geval die vergaderings moet bywoon as HUB en AD.

5.5.8. *Herstel en Onderhoud*

Hierdie uitgawe verteenwoordig die koste om die eiendomme en die bakkie wat SAEF besit te onderhou. Dit sluit ook onder andere die diens van brandblussers en die hysbak in. Na ons mening is hierdie uitgawe markverwant en in orde.

5.5.9. *Rekenaar en sagtewarekoste*

Die netto uitgawe van R24.164 verteenwoordig SAEF se gedeelte van die VIP betaalstelsel lisensie en DSTV subskripsie. Dit bevat ook ‘n misallokasie van R4.907 wat onder instandhouding hoort.

5.5.10. *Versekering*

Die netto uitgawe van R101.845 verteenwoordig die versekeringspremies om die twee eiendomme te verseker, die twee voertuie in SAEF se naam en elektroniese toerusting gebruik deur SAEF personeel.

5.5.11. *Waardevermindering en oninbare voorsienings*

5.5.11.1. Hierdie uitgawe is ‘n rekeningkundige inskrywing. Meeste van die meubels en toerusting deur SAEF besit is omtrent al afgeskryf en derhalwe het die waardevermindering uitgawe vir 2018 van R64.340 grootliks betrekking op motorvoertuie en IT toerusting.

5.5.11.2. ‘n Bedrag van R1.919.914 is as oninbaar voorsien in 2018 op die lening aan FINSA en R43.501 is voorsien as oninbaar op die lening aan TOOM. Die invorderbaarheid van die lenings aan FINSA en TOOM word bespreek in items 6.5 en 7.5 verder aan in ons verslag.

5.5.12. Daar het niks tot ons aandag gekom wat daarop dui dat die uitgawes in SAEF vir enige ander doel was as vir die SAEF doelwitte nie.

5.6. Bates

5.6.1. SAEF se bates bestaan uit:

- Die Pretoria eiendom[29].
- Die Bloemfontein eiendom[30].

[29] - Gedeelte 5 van Erf 1670 Garsfontein, Pretoria.

- 100% van die aandele in TOOM[31].
- 100% van die aandele in FINSA.
- Lenings aan TOOM en FINSA.
- Motorvoertuie, toerusting[32] en meubels.

5.6.2. Ons het geen ongerymdhede gevind met betrekking tot die bestuur van die twee vaste eiendomme nie. Daar is ook geen misbruik van die motorvoertuie nie.

5.6.3. Die aandeelhoudings in TOOM en FINSA het 'n baie lang geskiedenis. Beide hierdie maatskappye is op 'n deurlopende basis deur die destydse TO befonds, welke funksie toe deur SAOS oorgeneem is en eventueel by SAEF geëindig het.

5.6.4. Dit blyk dat SAEF oorspronklik die volgende lenings met 'n nominale waarde van R76.550.194 vanaf SAOS ontvang het:

| | R |
|---|---|
| FINSA | 29.153.892 |
| TOOM[33] | 33.494.803 |
| ETCS | 13.901.499 |
| | 76.550.194 |

Dit is ook duidelik dat hierdie lenings al in 2006 nie almal invorderbaar was nie en was R19.243.610 van die TOOM lenings stellig alreeds afgeskryf en is R6.100.000 van die ETCS lening as oninbaar voorsien in 2008 en eventueel nog 'n bedrag van R3.762.407 afgeskryf in 2011.

5.6.5. Indien die FINSA en TOOM finansiële state vir 2007 in ag geneem word blyk dit dat FINSA 'n opgehoopte verlies van R1.323.067 gehad het op 1 Maart 2006 en dat TOOM 'n opgehoopte verlies gehad het van R27.433.532 op 1 Maart 2006. Die TOOM eiendom was ook geherwaardeer wat 'n herwaardasie reserwe van R28.685.429 teweeg gebring het.

5.6.6. Tegnies was daar dus 'n voorsiening van R1.323.067 nodig teen die FINSA lening en was die TOOM lening potensiëel invorderbaar, indien die herwaardasies van die TOOM eiendom markverwant was op daardie stadium.

---

30 - Gedeelte 1 van Erf 53, Bloemfontein.
31 - Die aandelesertifikaat is nog in die naam van SAOS.
32 - Toerusting bestaan uit elektroniese toerusting. Die aanleg en toerusting soos openbaar gemaak op die finansiële state bestaan grotendeels uit 'n kragopwekker, lugverkoeling, kompressor en grassnyers.
33 - Die SAEF finansiële state wys slegs 'n leningswaarde van R14.251.193. Die res van die lening moes dus afgeskryf gewees het in die boeke van SAOS.

5.6.7. Bostaande analise toon aan dat die lenings aan FINSA en TOOM ontstaan het lank voor die stigting van SAEF. In TOOM se geval het die SAOS lening die substantiele verliese in die maatskappy befonds

5.6.8. Die bedrywighede van FINSA en TOOM word verder bespreek in items 6 en 7.

5.7. Laste

5.7.1. SAEF het geen eksterne skuld nie behalwe vir gewone handelskrediteure van R141.692 op 28 Februarie 2018.

5.7.2. Die mediese fonds bydraes subsidie aan afgetrede en huidige personeel verteenwoordig ‘n toekomstige aanspreeklikheid en is dit dus korrek hanteer in terme van IFRS in die SAEF finansiële state.

## 6. **TOOM**

6.1. Ons ondersoek het ingesluit ‘n *In loco* besoek aan die TOOM eiendom.

6.2. Ons het geen ongerymdhede opgetel ten opsigte van die plaaslike bestuur van die TOOM bedrywighede nie. Ons het wel opgemerk dat die Admin koördineerder beide betalings laai en goedkeur op die bankstelsel.

6.3. *Winsdelings*

6.3.1. Dit blyk dat daar ‘n winsdeling bedeling in plek was by TOOM alreeds in die 2003 finansiële jaar.

6.3.2. Ons het die winsdelingberekening nagaan vir die 2015/16 en 2016/17 finansiële jare. Die winsdeling formule blyk te wees ‘n persentasie van die wins voor belasting, waardevermindering, SAEF se admin vergoeding en die gratis akkommodasie uitgawe. Die wins word ook verhoog deur 50% van die jaarlikse bate aankope by te tel. Die persentasie werk op die volgende glyskaal:

| | | |
|---|---|---|
| R1 – R100.000 | @ | 25% |
| R100.001 – R200.000 | @ | 21% |
| R200.001- R300.000 | @ | 17% |
| R300.001 en meer | @ | 14% |

6.3.3. Konseptueel maak die aanpassing van 50% van bate aankope nie sin nie aangesien hierdie item nie die wins beïnvloed nie. ‘n Mens sou eerder verwag het dat ‘n gedeelte van die instandhoudingsuitgawe teruggetel word en die wins vermeerder word ten einde te verseker dat bestuur nie snoep op instandhouding van die infrastruktuur nie. In beide jare se berekeninge deur ons nagegaan, het die 50% van bate aankopesyfer nie die wins dramaties

verhoog[34] nie. Hierdie metode is ook in die ander jare voor 2015/16 toegepas. Instandhouding en vervangings wat as uitgawe geboek is teen winste in die 2015/16 jaar het R837.606 beloop en in 2016/17 was dit R2.073.771. Na ons mening behoort 50% van hierdie uitgawes eerder terug getel te geword het. Die eindresultaat sou 'n hoër winsdeel tot gevolg gehad het.

6.3.4. Daar is 'n berekeningsfout in die 2016/17 jaar se berekening deurdat uitgestelde belasting van R1.071.158 verkeerdelik by die wins bygetel is instede van afgetrek. Dit blyk ook dat bankkoste in beide jare teruggetel is wat nie korrek is nie. Die 2016/17 berekening begin ook met 'n winssyfer wat nie met die finansiële state ooreenstem nie.

6.3.5. Indien die nodige regstellings gemaak word verander die winsdelingsbedrae soos volg:

| | **2015/16** | | **2016/17** | |
|---|---|---|---|---|
| | Nou<br>R | Voorheen<br>R | Nou<br>R | Voorheen<br>R |
| Netto wins per inkomstestaat | 781.844 | 1.088.066 | 371.796 | 538.505 |
| Tel terug: | | | | |
| Admin vergoeding | 197.104 | 292.322 | 182.335 | 286.038 |
| Gratis akkommodasie | 19.118 | 19.118 | 12.720 | 12.720 |
| Uitgestelde belasting | 304.051 | - | (1.071.158) | 1.071.158 |
| Kapitaalprojekte / instandhouding | 418.803 | 263.655 | 1.036.886 | 395.703 |
| Waardevermindering | 1.422.989 | 1.422.989 | 1.436.346 | 1.436.346 |
| Billike waarde aanpassings | (1.620) | - | (11.012) | - |
| Wins met verkoop van bate | - | - | (18.421) | - |
| | 3.142.289 | 3.086.150 | 1.939.492 | 3.740.470 |
| Winsdeel | 460.920 | 453.061 | 292.529 | 544.666 |
| Verskil | 7.859 | | (252.137) | |

6.3.6. Ons het opgemerk dat die direkteure van TOOM ook gedeel het in die winsdeling. Hierdie is nie openbaar gemaak soos vereis deur die Maatskappywet, in enige van die finansiële state van TOOM vanaf 2008 tot en met 2017 nie. Die eerste openbaarmaking hiervan was in die vergelykende syfers van die 2018 finansiële state.

6.3.7. Dit blyk ook verder die praktyk te gewees het vir nie-uitvoerende direkteure om ook 'n winsdeel te ontvang. Ons is nie ten gunste van so bedeling nie aangesien die nie-uitvoerende direkteure onafhanklik behoort te wees en die uitvoerende direkteure moet kan teëgaan wanneer nodig.

[34] - R263.655 in 2015/16 en R395.703 in 2016/17.

6.4. *Gratis akkommodasie*

6.4.1. Dit is blykbaar die beleid dat die direkteure van TOOM verplig word om jaarliks een maal tydens die vakansieseisoen vir ten minste 7 dae vakansie te hou. Die direkteur betaal dan nie vir die verblyf nie en kan sy reiskoste op 'n kilometer tarief terugeis.

6.4.2. Hierdie beleid behoort hersien te word aangesien dit ons insiens nie regverdigbaar is om die mees winsgewendste tyd vir die besigheid te steriliseer en nog addisionele koste aan te gaan in die proses nie.

6.5. *SAEF lening*

6.5.1. Die huidige TOOM balansstaat toon 'n lening vanaf SAEF op 28 Februarie 2018 van R28.230.205 en 'n opgelope verlies van R22.146.231. Die TOOM eiendom word aangetoon teen herwaardeerde boekwaarde van R34.219.698.

6.5.2. Gegewe die daling in die eiendomswaardes aan die Natalse suidkus is dit betwyfelbaar of die eiendom die boekwaarde sal kan realiser en of die volle lening van R28.230.205 ooit terugbetaal sal kan word.

6.5.3. Dit sou glad nie sin maak om rente te hef op hierdie lening nie aangesien TOOM nie die rente sal kan diens nie.

6.5.4. Dit blyk egter dat TOOM wel terugbetalings gemaak het in 2018 en ook in vroeër jare aangesien die lening destyds op R33.494.803 gestaan het toe SAEF dit vanaf SAOS ontvang het.

## 7. **FINSA**

7.1. FINSA se resultate vanaf 2008 toon aan dat FINSA nie winsgewend was nie en nooit die rente op die SAEF lening kon diens nie. Die eerste jaar wat FINSA 'n wins kon maak was in 2014 toe die R26m lening vanaf SAEF nie meer rente gedra het nie.

7.2. FINSA se opgehoopte verlies op 28 Februarie 2018 was R5.537.408. Dit is nadat FINSA sy vaste eiendom teen 'n wins van R597.493 in 2017 verkoop het. Vanaf 2008 tot 2018 is die kumulatiewe verlies[35] wat gely is dus R3.066.595.

7.3. *Winsdeling*

7.3.1. Net soos in die geval van TOOM was daar ook in FINSA 'n winsdelings bedeling. Dit blyk uit die berekeninge van die winsdeling wat beskikbaar is

[35] - Dit sluit 'n uitgestelde belastingbate in van R3.138.023.

vir die 2011/12 finansiële jaar dat die wins waarop die winsdeel ontvang word bereken is deur die volgende aanpassing tot die wins of verlies volgens die geouditeerde state te maak:

- Waardevermindering is teruggetel.
- Voorsiening vir slegte skulde is teruggetel.
- 35% van rente betaal is teruggetel.
- Die betalings op hure ontvang is bygetel.
- Die rekeningkundige rente bereken op hure en teboekgestel as inkomste is teruggetel.
- Huurdeposito's en reswaardes van huurbates is bygetel.
- Voorsiening vir verlof is teruggetel.

7.3.2. Dit blyk dat bostaande 'n poging was om die rekeningkundige hantering van die hure in die finansiële state van FINSA terug te skryf en om die huurinkomste op die hure te gebruik vir winsdeel doeleindes. Hierdie is egter 'n fundamentele fout aangesien die formule wat gebruik is dan ook 'n winsdeel op die kapitaal wat gebruik is om die bate, wat verhuur word, aan te koop bereken.

7.3.3. Dit volg dat die windelings wat bereken en betaal is verkeerd bereken is en nie verskuldig was aan die direkteure en werknemers van FINSA nie. In die 2015 en 2013 jare sou daar nie 'n winsdeel gewees het nie en in 2012 en 2014 'n bedrag aansienlik minder indien die korrekte formule toegepas is nie. In FINSA se geval is die adminvergoeding wat aan SAEF betaal is nie terug getel soos wat in TOOM se berekening gedoen is nie.

7.3.4. Ons kan nie konkrete kommentaar lewer op die berekening voor die 2012 finansiële jaar nie, aangesien ons nie die detail berekeninge gesien het nie, maar gegewe die feit dat daar groot verliese was in die jare voor 2012, was hierdie winsdelings stellig ook bereken op die foutiewe formule.

7.3.5. In FINSA se geval was die winsdeling openbaargemaak in die finansiële state soos vereis deur die Maatskappywet.

7.3.6. Die nie-uitvoerende direkteure het ook gedeel in die winste. Soos voorheen al genoem in die verslag is dit nie goeie praktyk vir die nie-uitvoerende direkteure om te deel in winste nie.

7.3.7. Dit blyk dat die laaste winsdeel wat bereken is was vir die 2016 jaar en dat dit betaal en openbaar is in die 2017 finansiële jaar.

7.4. <u>*Lenings*</u>

7.4.1. Daar is opgemerk dat daar nooit 'n beperking was vir personeel van SAOU, SAEF of FINSA om lenings aan te gaan by FINSA nie. Hierdie lenings is

verkry teen ‘n rentekoers van 1% minder as wat vir buite partye aangebied is.

7.4.2. Daar was net een geval waar ‘n lening afgeskryf is wat deur familie van ‘n SAOU personeellid aangegaan is. Die rede was dat die personeellid, wat borg geteken het vir die lening ongelukkig al afgesterf het ten tye van die wanbetaling.

7.5. *SAEF lening*

7.5.1. Die FINSA balansstaat op 28 Februarie 2018 toon ‘n lening verskuldig aan SAEF van R24.765.265 en ‘n opgehoopte verlies van R5.537.408.

7.5.2. Dit volg dus dat selfs as FINSA al sy debiteure kan invorder dat daar ‘n tekort van R8.675.431 is wat nie aan SAEF terugbetaal sal kan word nie.

SKEDULE A

**SAOU POSTE OKTOBER 2018**

Die vergoedingsbedrae van personeel is op regsadvies verwyder op grond van die bepalings van die POPIA en die inbreukmaking op persone se reg op privaatheid.

| | Pos | Jaarlikse Vergoeding (R) | |
|---|---|---|---|
| | **GAUTENG** | | |
| | Voorsitter | | |
| | Ondervoorsitter | | |
| 1 | Sekretaris: Gauteng | | |
| 2 | Assistentsekretaris: Gauteng | | |
| 3 | Assistentsekretaris: Gauteng | | Sekondering |
| 4 | Professionele beampte: Gauteng | | |
| 5 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | Sekondering |
| 6 | Administratiewe beampte | | |
| 7 | Administratiewe beampte | | |
| 8 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | |
| 9 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | |
| | **KWAZULU-NATAL** | | |
| | Voorsitter | | |
| | Ondervoorsitter | | |
| 1 | Sekretaris: KZN | | |
| 2 | Admin Beampte | | |
| 3 | Admin Beampte | | |
| 4 | Kantoorassistent | | |
| 5 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | Sekondering |
| | **LIMPOPO** | | |
| | Voorsitter | | |
| | Ondervoorsitter | | |
| 1 | Sekretaris: Limpopo | | |
| 2 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | |
| 3 | Administratiewe beampte | | |
| | **MPUMALANGA** | | |
| | Voorsitter | | |
| | Ondervoorsitter | | |
| 1 | Sekretaris: Mpumalanga | | |
| 2 | Administratiewe beampte | | Word gedeel met Noordwes |
| 3 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | |
| 4 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | Sekondering |
| | **NOORD-KAAP** | | |
| | Voorsitter | | |
| | Ondervoorsitter | | |
| 1 | Sekretaris: Noord-Kaap | | Sekondering |
| 2 | Snr Admin Beampte | | |
| 3 | Admin Beampte | | |
| 4 | Algemene werker (nie permanent) | | |
| 5 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | |
| | **NOORD-WES** | | |
| | Voorsitter | | |
| | Ondervoorsitter | | |
| 1 | Sekretaris: Noord-Wes | | |
| | Administratiewe beampte | | |
| 2 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | |
| | **OOS-KAAP** | | |
| | Voorsitter | | |
| | Ondervoorsitter | | |
| 1 | Sekretaris: Oos-Kaap | | |
| 2 | Assistentsekretaris: Oos-Kaap | | |
| 3 | Kontrakteur | | |
| 4 | Admin Beampte | | |
| 5 | Admin Beampte | | |
| 6 | Admin Beampte | | |
| 7 | Algemene werker (3 dae) | | |
| 8 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | | |

SKEDULE A

| | SAOU POSTE OKTOBER 2018 | |
|---|---|---|
| | **Pos** | **Jaarlikse Vergoeding (R)** |
| | **VRYSTAAT** | |
| | Voorsitter | |
| | Ondervoorsitter | |
| 1 | Sekretaris: Vrystaat | |
| 2 | Assistentsekretaris: Vrystaat | |
| 3 | Administratiewe klerk | |
| 4 | Ontvangsdame/Klerk | |
| 5 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | |
| 6 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | |
| | **WES-KAAP** | |
| | Voorsitter | |
| | Ondervoorsitter | |
| 1 | Sekretaris: Wes-Kaap | |
| 2 | Assistentsekretaris: Wes-Kaap | |
| 3 | Snr Admin Beampte | |
| 4 | Administratiewe beampte | |
| 5 | Professionele beampte | |
| 6 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | |
| 7 | Voltydse vakbondverteenwoordiger | |
| 49 | | |
| | **POD** | |
| 1 | Kurrikulum adviseur | |
| 2 | Kurrikulum adviseur | |
| 3 | Koordineerder: Privaatskole | |
| 4 | Projek Assistant | |
| 5 | Kurrikulum adviseur | |
| 6 | Professionele adviseur | |
| | **NASIONAAL** | |
| 1 | Hoof Uitvoerende Beampte: SAOU | |
| 2 | SAOU | |
| 3 | Projekbestuurder (kontrak) | |
| 4 | Kontrakteur | |
| 5 | Rekenmeester & GROEP Interne Ouditeur | |
| 6 | Assistent - Rekenmeester | |
| 7 | Administratiewe beampte: SACAI | |
| 8 | Media/Skakelbeampte | |
| 9 | Assisstent: Dataprossesering, Ledesake | |
| 10 | PA / Prov Sekretaresse | |
| 11 | PA en Komiteeklerk | |
| 12 | Senior Ontvangsklerk | |
| 13 | Admin Beampte | |
| 14 | Admin Beampte: SAOU | |
| 15 | Liasseer en versendingsklerk | |
| 16 | Liasseer en versendingsklerk | |
| 17 | Medies ongeskik ( Old Mutual) 1/2/2016 | |
| | **HULPLYN** | |
| 1 | Ledediensteknosultant (kontrak) | |
| 2 | Ledediensteknosultant (kontrak) | |
| | **REGSDIENSTE** | |
| 1 | Regsadviseur | |
| 2 | Regsadviseur | |
| 3 | Regsadviseur | |
| 4 | Administratiewe beampte | |
| 28 | | 25,594,058 |
| | Provinsiale voorsitters | |
| | Provinsiale Onder-voorsitters | |
| 77 | Werknemers | 24,630,430 |